(*b*) Elke sodanige persoon wat op 'n stasieplatform of ander spoorwegterrein klante werf (afgesien daarvan of vergunning ooreenkomstig hierdie regulasie aan hom verleen is om op sodanige platform of ander terrein te kom al dan nie) of versuim om 'n voorwaarde aan die vergunning na te kom, of dit verontagsaam, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie regulasies."

Regulasie no. 259 *bis* van die Algemene Spoorwegregulasies word hiermee deur die volgende nuwe regulasie no. 259 *ter* vervang:

„ROEKELOSE BESTUUR.

259 *ter*. Iemand wat 'n padvoertuig, met inbegrip van 'n fiets of driewiel, op spoorwegterrein dryf, bestuur of ry—

(*a*) terwyl hy onder die invloed van sterk drank of narkotiese middels verkeer; of

(*b*) op 'n gevaarlike, roekelose of nalatige wyse,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete."

No. 2151.] [31 Desember 1959.

WYSIGING VAN KLOUSULE 31 VAN DIE OFFISIËLE HAWETARIEFBOEK VAN REGTE EN KOSTE BY DIE HAWENS VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Daar is besluit om klousule 31 (A) van die Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste by die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika met ingang 1 Januarie 1960 te wysig deur die volgende nuwe subklousule in te voeg:—

	Per kalenderjaar (of gedeelte daarvan) wat op 31 Desember eindig.
	£ s. d.
(16) Verkoop van aas	2 10 0

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 2152.] [17 Desember 1959.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—NIEMAND IN NIEMANN.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937) James Henry Niemand en sy vrou Edith Alida Niemand, woonagtig te Dewhurst Farms, Pk. Elgin, K.P., te magtig om die van Niemann aan te neem.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 2123.] [31 December 1959.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.
MAGISTERIAL DISTRICT OF LINDLEY.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from 1st April, 1960—

(*a*) Government Notice No. 3218 of the 29th December, 1950, is amended by the deletion therefrom of the words "the Magisterial Sub-districts of Petrus Steyn and Steynsrust; and

(*b*) Government Notice No. 1367 of the 8th June, 1951, is amended by the deletion therefrom of the words "Lindley and".

The purport of this notice is that all persons falling within the definition of "contributor" in section *two* of the said Act employed in the Magisterial District of Lindley will, as from 1st April, 1960, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 2124.] [31 December 1959.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

SUSPENSION OF SUB-SECTION (2) *BIS* OF SECTION *THIRTY-NINE*.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (3) *bis* of section *thirty-nine* of the Unemployment Insurance Act, 1946, suspend for the period 1st January, 1960, to 29th February, 1960, the provisions of sub-section (2) *bis* of the said section in respect of contributors who are or have been employed in the Clothing Industry as defined in the Schedule to Government Notice No. 2360 of the 21st December, 1956, in the Magisterial Districts of Germiston, Springs, Benoni, Kempton Park, Brakpan, Boksburg, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Randfontein and Roodepoort; provided that such suspension shall not apply to any contributor—

(*a*) who applies for benefits in terms of sub-section (10) or (11) of section *thirty-nine* of the Unemployment Insurance Act, 1946, nor to any person who applies for payment in terms of section *thirty-nine ter;*

(*b*) whose period of employment in the said Industry terminated before 1st July, 1958, or commenced after the 1st January, 1959;

(*c*) who is ordinarily employed in Group I, II or III;

(*d*) who, for reasons other than those arising from the provisions of sub-section (2) *bis* of section *thirty-nine*, would not be entitled to benefits in terms of the Act.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

No. 2125.] [31 December, 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY.

The following corrections to Government Notice No. 1877 appearing in the *Government Gazette* of the 13th November, 1959, are published:—

In both the Afrikaans and English versions at the end of the Schedule delete "B. H. Theron" and substitute "T. A. Theron".

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 2123.] [31 Desember 1959.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.
LANDDROSDISTRIK LINDLEY.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat met ingang van 1 April 1960—

(*a*) Goewermentskennisgewing No. 3218 van 29 Desember 1950 gewysig word deur die woorde „die magistraatssubdistrikte Petrus Steyn en Steynsrust" te skrap; en

(*b*) Goewermentskennisgewing No. 1367 van 8 Junie 1951 gewysig word deur die woorde „Lindley en" te skrap.

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „bydraer" in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat in die landdrosdistrik Lindley in diens is, vanaf 1 April 1960 as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 2124.] [31 Desember 1959.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

OPSKORTING VAN SUBARTIKEL (2) *BIS* VAN ARTIKEL *NEGE-EN-DERTIG*.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, skort hierby kragtens subartikel (3) *bis* van artikel *nege-en-dertig* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), die bepalings van subartikel (2) *bis* van genoemde artikel op vir die tydperk 1 Januarie 1960 tot 29 Februarie 1960, ten opsigte die bydraers wat in die Klerasienywerheid soos omskryf in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2360 van 21 Desember 1956, werksaam was of is in die Landdrosdistrikte Germiston, Springs, Benoni, Kempton Park, Brakpan, Boksburg, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Randfontein en Roodepoort; met dien verstande dat sodanige opskorting nie op 'n bydraer van toepassing sal wees nie—

(*a*) wat aansoek doen om voordele kragtens subartikel (10) of (11) van artikel *nege-en-dertig* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, en ook nie op enige persoon wat aansoek doen om betaling kragtens artikel *nege-en-dertig ter;*

(*b*) wie se dienstermyn in genoemde Nywerheid op 'n datum voor 1 Julie 1958 beëindig is of na 1 Januarie 1959 'n aanvang geneem het;

(*c*) wat gewoonlik in groep I, II of III werksaam is;

(*d*) wat, om ander redes as dié wat voortspruit uit die bepalings van subartikel (2) *bis* van artikel *nege-en-dertig*, nie op voordele kragtens die Wet geregtig sou wees nie.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

No. 2125.] [31 Desember 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

BOUNYWERHEID, KIMBERLEY.

Onderstaande verbeterings van Goewermentskennisgewing No. 1877 wat in die *Staatskoerant* van 13 November 1959 verskyn, word bekendgemaak:—

In beide die Afrikaanse en Engelse tekse aan die einde van die Bylae vervang „B. H. Theron" deur „T. A. Theron".

No. 2126.] [31 December, 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

DETERMINATION.—DEMARCATION: BUILDING AND FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRIES.

By direction of the Minister of Labour, it is hereby notified, in terms of sub-section (7) of section *seventy-six* of the Industrial Conciliation Act, 1956, that the Industrial Tribunal under powers vested in it by sub-section (6) of section *seventy-six* of the said Act, has made the determination in the Schedule hereto in respect of the Building and Furniture Manufacturing Industries.

SCHEDULE.

In the matter of an application in terms of sub-section (3) of section *seventy-six* of the Industrial Conciliation Act, 1956, by the Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Natal, for determination of the question whether—

> "the Industrial Council Agreement for the Building Industry, Durban, published in *Government Gazette Extraordinary* No. 5881 of the 29th May, 1957, is binding upon employers and employees who are engaged in the Furniture Manufacturing Industry, as defined in the Industrial Council Agreement for the Industry, published in *Government Gazette* No. 5994 of the 10th January, 1958, insofar as the manufacture and/or fitting of built-in furniture, including such items as cupboards, kitchen dressers and other kitchen fixtures is concerned; and to what extent, if any, it is relevant whether or not the articles mentioned accrue to the building as permanent fixtures",

the Industrial Tribunal hereby determines that the Industrial Council Agreement for the Building Industry, Durban, published in *Government Gazette Extraordinary* No. 5881 of the 29th May, 1957, is not binding upon employers or employees who are engaged or employed in the Furniture Manufacturing Industry, as defined under "Furniture Industry" in the Industrial Council Agreement for that Industry, published in *Government Gazette* No. 5994 of the 10th January, 1958, in respect of the manufacture, but is binding in respect of the building into or affixing to a building, of—

(*a*) kitchen dressers and other kitchen fixtures manufactured as completed articles to stock sizes;

(*b*) headboards for beds to be built-in or affixed, manufactured as completed articles;

(*c*) other furniture to be built-in or affixed, manufactured as completed articles;

on factory premises, whether or not such completed articles accrue to a building as permanent fixtures; provided that such employers or employees are normally engaged or employed wholly or mainly in the manufacture of furniture other than the articles described in clauses (*a*), (*b*) and (*c*) above.

For the purpose of this Determination the aforementioned articles shall be regarded as "completed articles" if they require only building into or affixed to a building and "building" shall include any structure.

Notwithstanding anything contained in the foregoing provisions, this Determination shall not cover shop, office and bank fitting, which includes the manufacture of shop fronts, window enclosures, show cases, counters, screens and interior fittings and fixtures.

This Determination shall be final and binding from the 30th November, 1959, in the Magisterial Districts of Durban, Pinetown and Inanda.

J. M F. POTGIETER, *Chairman.*
J. T. SMIT, *Member.*
G. MCCORMICK, *Member.*
H. J. WANNENBURG, *Member.*
F. J. VILJOEN, *Member.*

J. G. H. BOTHA, *Secretary.*
24th September, 1959.

No. 2126.] [31 Desember 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

VASSTELLING.—AFBAKENING: BOU- EN MEUBELNYWERHEID.

In opdrag van die Minister van Arbeid word hierby ooreenkomstig subartikel (7) van artikel *ses-en-sewentig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, bekendgemaak dat die Nywerheidshof, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (6) van artikel *ses-en-sewentig* van genoemde Wet, die vasstelling in die Bylae hiervan gemaak het ten opsigte van die Bou- en die Meubelnywerheid.

BYLAE.

Insake 'n aansoek ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *ses-en-sewentig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, van die Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Natal, om die vasstelling van die vraag of—

> „die Nywerheidsraadooreenkoms vir die Bounywerheid, Durban, soos gepubliseer in *Buitengewone Staatskoernt* No. 5881 van 29 Mei 1957, vir werkgewers en werknemers wat betrokke is by die Meubelnywerheid soos omskryf in die Nywerheidsraadooreenkoms vir dié Nywerheid, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 5994 van 10 Januarie 1958, bindend is vir sover dit die vervaardiging en/of aanbring van ingeboude meubels, met inbegrip van sulke artikels soos kaste, kombuiskaste en ander vaste kombuistoebehorens aangaan; en in watter mate, indien daar so 'n mate bestaan, dit ter sake is of genoemde artikels vaste toebehorens van die gebou word of nie",

stel die nywerheidshof hierby vas dat die Nywerheidsraadooreenkoms vir die Bounywerheid, Durban, soos gepubliseer in *Buitengewone Staatskoerant* No. 5881 van 29 Mei 1957, nie vir werkgewers of werknemers wat betrokke is by of werksaam is in die Meubelnywerheid soos omskryf onder „Meubelnywerheid" in die Nywerheidsraadooreenkoms vir daardie Nywerheid, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 5994 van 10 Januarie 1958, bindend is nie ten opsigte van die vervaardiging, maar wel bindend is ten opsigte van die inbou of aanbring aan 'n gebou, van—

(*a*) kombuiskaste en ander vaste kombuistoebehorens wat as voltooide artikels volgens standaardgroottes vervaardig is;

(*b*) kopstukke van beddens wat ingebou of aangebring moet word en wat as voltooide artikels vervaardig is;

(*c*) ander meubels wat ingebou of aangebring moet word en wat as voltooide artikels vervaardig is;

op fabriekspersele, afgesien daarvan of sodanige voltooide artikels vaste toebehorens van 'n gebou word of nie; met dien verstande dat sodanige werkgewers of werknemers gewoonlik geheel en al of hoofsaaklik betrokke is by of werksaam is in die vervaardiging van ander meubels as die artikels genoem in klasse (*a*), (*b*) en (*c*) hierbo.

Vir die toepassing van hierdie Vasstelling word voornoemde artikels geag „voltooide artikels" te wees as hulle net ingebou moet word in of aangebring moet word aan 'n gebou, en „gebou" sluit enige struktuur in.

Ondanks enigiets vervat in bestaande bepalings, dek hierdie Vasstelling nie winkel-, kantoor- en banktoebehorens nie, wat die vervaardiging van winkelfronte, vensterafskortings, vertoonkaste, toonbanke, skerms en binnenshuise toebehorens en vaste toebehorens insluit.

Hierdie Vasstelling is finaal en bindend vanaf 30 November 1959, in die landdrosdistrikte Durban, Pinetown en Inanda.

J. M. F. POTGIETER, *Voorsitter.*
J. T. SMIT, *Lid.*
G. MCCORMICK, *Lid.*
H. J. WANNENBURG, *Lid.*
F. J. VILJOEN, *Lid.*

J. G. H. BOTHA, *Sekretaris.*
24 September 1959.

No. 2128.] [31 December 1959.

WAR MEASURES ACT, 1940.

SUSPENSION OF PAYMENT OF COST OF LIVING ALLOWANCE PAYABLE UNDER WAR MEASURE No. 43 OF 1942.

BESPOKE TAILORING INDUSTRY (PRETORIA).

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in terms of sub-regulation (1) of regulation 4 of the Regulations published under War Measure No. 43 of 1942, hereby suspend the operation of sub-regulation (1) of regulation 2 of the said Regulations in respect of all employees who are entitled to a cost of living allowance in terms of clause 28 of the Agreement for the Bespoke Tailoring Industry (Pretoria), published under Government Notice No. 1923 of the 22nd August, 1952, as amended by Government Notices Nos. 1269 and 805 of the 25th June, 1954, and 22nd April, 1955, respectively, and as extended by Government Notices Nos. 1858, 317, 1660 and 1619 of the 28th August, 1953, 26th February, 1954, 13th August, 1954, and 31st August, 1956, and as renewed by Government Notice No. 1358 of the 19th September, 1958.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 2138.] [31 December 1959.

WAGE ACT, No. 5 of 1957.

UNSKILLED LABOUR, DURBAN.

By direction of the Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a Determination in accordance with the recommendations are hereby, in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *thirteen* of the Wage Act, 1957, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within thirty days after publication of this notice.

(NOTE.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the office of the Divisional Inspector, Department of Labour, Durban. Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION A OF THE WAGE BOARD.

UNSKILLED LABOUR, DURBAN.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply to all employees who perform unskilled labour in the area comprising the Magisterial District of Durban and the areas under the jurisdiction of either the municipal council or town board of Pinetown, Queensburgh and Westville in any of the undermentioned trades:—

(1) Asphalting (non-building industry);
(2) brewing;
(3) bridge-building;
(4) bunkering;
(5) market and commission agencies;
(6) demolition of buildings;
(7) distilling;
(8) excavating or levelling soil;
(9) fertiliser manufacture;
(10) generation and distribution of electricity;
(11) manufacture or distribution of gas;
(12) municipal or town board undertakings (including boroughs, townships, public health areas of the local health commissions and health committees);
(13) preparing sites for building or other purposes;
(14) processing of tanning extract;
(15) roadmaking;
(16) breaking up of scrap metal;
(17) shipping agencies;
(18) transportation of goods;

No. 2128.] [31 Desember 1959.

WET OP OORLOGSMAATREËLS, 1940.

OPSKORTING VAN BETALING VAN LEWENSKOSTETOELAE BETAALBAAR INGEVOLGE OORLOGSMAATREËL No. 43 VAN 1942.

KLEREMAKERY-OP-MAATNYWERHEID (PRETORIA).

Ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid en kragtens subregulasie (1) van regulasie 4 van die Regulasies wat by Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, gepubliseer is, skort hierby die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 2 van genoemde regulasies op ten opsigte van alle werknemers wat kragtens klousule 28 van die Ooreenkoms vir die Kleremakery-op-maatnywerheid (Pretoria), gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1923 van 22 Augustus 1952, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 1269 en 805 van onderskeidelik 25 Junie 1954 en 22 April 1955, en soos verleng by Goewermentskennisgewings Nos. 1858, 317, 1660, 1619 van 28 Augustus 1953, 26 Februarie 1954, 13 Augustus 1954 en 31 Augustus 1956, en soos hernuwe by Goewermentskennisgewing No. 1358 van 19 September 1958, op 'n lewenskostetoelae geregtig is.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 2138.] [31 Desember 1959.

LOONWET, No. 5 VAN 1957.

ONGESKOOLDE ARBEID, DURBAN.

In opdrag van die Minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die Aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *dertien* van die Loonwet, 1957, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n Vasstelling, ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne dertig dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

(OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantoor van die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Durban. Persone wat besware indien, in 'n ander vorm as in manuskrip, word versoek om sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.)

BYLAE.

AANBEVELING VAN AFDELING A VAN DIE LOONRAAD AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

ONGESKOOLDE ARBEID.—DURBAN.

1. GEBIED EN OMVANG VAN DIE VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers wat ongeskoolde arbeid verrig in die gebied wat die landdrosdistrik Durban en die gebiede onder die jurisdiksie van of die munisipale raad òf dorpsbesture van Pinetown, Queensburgh en Westville insluit, in enige van ondergenoemde bedrywe:—

(1) Asfaltering (nie boubedryf nie);
(2) bierbrou;
(3) brugbou;
(4) bunkerwerk;
(5) mark- en kommissieagentskappe;
(6) sloping van geboue;
(7) distillering;
(8) uitgrawe of gelykmaak van grond;
(9) kunsmisvervaardiging;
(10) opwekking en verspreiding van elektrisiteit;
(11) vervaardiging of verspreiding van gas;
(12) munisipale- of dorpsbestuursondernemings insluitende munisipaliteite, dorpe, openbare gesondheidsgebiede van die kommissies vir plaaslike gesondheid en gesondheidskomitees);
(13) voorbereiding van terreine vir bou- of ander doeleindes;
(14) looi-ekstrakvervaardiging;
(15) padmaak;
(16) opbreek van ou metaal;
(17) skeepsagentskappe;
(18) goedere vervoer;

(19) manufacture of whale products;
(20) refining or cleaning of oil;
(21) manufacturing or mending hessian or jute bags;
(22) excavating, pumping, selling or delivering of sand or gravel;
(23) waste paper recovery;
(24) manufacture or distribution of ice cream;

and to the employers of such employees: Provided that it shall not apply to employees employed in the area under the jurisdiction of the health committee of Umbogintwini in the manufacture of fertiliser or the manufacture or distribution of gas.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

"continuous process" means any activity which in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, has been declared to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary;

"cost of living allowance" means the allowance prescribed in War Measure No. 43 of 1942, as amended, and as construed in terms of section *two* of the War Measures Continuation Act, 1948, and paragraph (*b*) of section *two* of the War Measures Continuation Act, 1950: Provided that, where an employer regularly pays an employee a cost of living allowance higher than that so prescribed, it means such higher allowance;

"daily employee" means an employee who is employed by the day;

"emergency work" means—

(*a*) any work which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, land subsidence, accident, act of violence, epidemic or theft, must be done without delay;

(*b*) any work necessary for the maintenance or provision of light, power, water, telephone, public health, sanitary, cleaning, public transport or airport services or for the supply of goods to hospitals, ships or the police or military forces;

(*c*) any work necessitated by a general breakdown of plant or machinery or an actual breakdown or threatened breakdown of buildings;

(*d*) any work in connection with the overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours; or

(*e*) the work of or connected with the loading or unloading of trucks or vehicles belonging to the South African Railways and Harbours;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in any one or more of the trades mentioned in clause 1;

"law" includes the common law;

"night watchman" means an employee who is engaged in guarding property during the night or on Sundays or public holidays;

"piece-work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity of work done;

"short-time" means any temporary reduction in the number of ordinary hours of work owing to the vagaries of the weather, a shortage of raw materials or a general breakdown of plant or machinery or a breakdown or threatened breakdown of buildings;

"spreadover" means the period in any day from the time an employee first commences work until he ceases work for that day;

"unskilled labour" means, without limiting the usual meaning of the expression whatsoever, in respect of—

A. *Asphalting (Non-building Industry)*—
(1) applying or plastering by hand, by means of a brush or other means;
(2) operating a hand pump;
(3) ramming asphalt by means of iron rammers or mechanical means;

B. *Brewing*—
(1) feeding or tapping from processing vats, tanks or other containers by hand;
(2) turning over grain by means of spades or shovels;
(3) placing bottles in or removing bottles from semi-automatic beer filling or crown capping machines or automatic washing machines;
(4) loading coal into bunkers;
(5) laying out or connecting rubber hose or rubber pipes under supervision;

C. *Bridge-building, Excavating or Levelling Soil, Preparing Sites for Building or Other Purposes and Road-making*—
(1) erecting scaffolding under supervision;
(2) operating concrete mixers or power drills;
(3) ramming asphalt by means of iron rammers or mechanical means;

D. *Bunkering*—
(1) opening, cleaning or preparing ships' holds for loading;
(2) pushing, opening or closing railway trucks;

(19) vervaardiging van walvisprodukte;
(20) raffineer of skoonmaak van olie;
(21) vervaardiging of herstel van going- of jutesakke;
(22) uitgrawe, uitpomp, verkoop of aflewering van sand of gruis;
(23) herwinning van afvalpapier;
(24) vervaardiging of verspreiding van roomys;

en op die werkgewers van sodanige werknemers: Met dien verstande dat dit nie van toepassing is nie op werknemers in diens in die gebied onder die jurisdiksie van die gesondheidskomitee van Umbogintwini in die kunsmisvervaardigingsbedryf of die bedryf vir die vervaardiging of verspreiding van gas.

2. WOORDOMSKRYWING.

(1) Tensy uit die samehang anders blyk, het iedere uitdrukking wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in die Wet en, tensy strydig met die samehang, beteken—

„ononderbroke proses", enige werksaamheid wat ingevolge paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, verklaar word tot 'n werksaamheid waarin ononderbroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is;

„lewenskostetoelae", die toelae voorgeskryf in Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, soos gewysig, en soos uitgelê ingevolge artikel *twee* van die Wet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1948, en paragraaf (*b*) van artikel *twee* van die Wet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1950: Met dien verstande dat, as 'n werkgewer sy werknemer gereeld 'n lewenskostetoelae betaal wat hoër is as dié wat aldus voorgeskryf is, dit sodanige hoër toelae beteken;

„daaglikse werknemer", 'n werknemer wat by die dag in diens is;

„noodwerk"—

(*a*) alle werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos brand, storm, grondinstorting, ongeluk, gewelddaad, epidemie of diefstal sonder versuim gedoen moet word;

(*b*) alle werk wat gedoen moet word vir die instandhouding of voorsiening van lig, krag, water, telefoon-, openbare gesondheids-, sanitêre, skoonmaak-, openbare vervoer- of lughawedienste, of vir die lewering van goedere aan hospitale, skepe of die polisie- of krygsmagte;

(*c*) alle werk genoodsaak ten gevolge van die feit dat die installasie of masjinerie defek is, of die geboue onbruikbaar geraak het of dreig om dit te word;

(*d*) alle werk in verband met die opknapping of herstel van installasie of masjinerie wat nie gedurende die gewone werkure verrig kan word nie; of

(*e*) die laai of aflaai van spoorwaens of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of werk wat daarmee in verband staan;

„bedryfsinrigting", 'n perseel waarop of in verband waarmee een of meer werknemers in enigeen of meer van die bedrywe in klousule 1 genoem, in diens is;

„wet", omvat die gemene reg;

„nagwag", 'n werknemer wat in die nag of op Sondae of openbare vakansiedae eiendom bewaak;

„stukwerk", enige stelsel waarvolgens 'n werknemer se besoldiging gebaseer word op die hoeveelheid werk verrig;

„korttyd", 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure te wyte aan ongunstige weersgesteldheid, 'n tekort aan grondstowwe of aan die feit dat die masjinerie of installasie defek is of dat die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word;

„werksdag", die tydperk op enige dag vanaf die tydstip waarop 'n werknemer eerste met sy werk begin totdat hy sy werk vir dié dag staak;

„ongeskoolde werk", sonder beperking van die gewone betekenis van die uitdrukking hoegenaamd, met betrekking tot—

A. *Asfaltering (nie boubedryf nie)*—
(1) met die hand, deur middel van 'n kwas, borsel of ander middel, aansmeer, toedien of pleister;
(2) 'n handpomp bedien;
(3) asfalt met ysterstampers of meganiese middels vasstamp;

B. *Bierbrou*—
(1) prosesvate, tenks of ander houers met die hand voer of daarvan uittap;
(2) graan met grawe of skopgrawe omkeer;
(3) bottels in halfoutomatiese biervul- of kroonkurkmasjiene of outomatiese wasmasjiene plaas of daaruit haal;
(4) steenkool in bunkers laai;
(5) rubberslange of rubberpype onder toesig uitlê of aanslut;

C. *Brugbou, uitgrawe of gelykmaak van grond, voorbereiding van terreine vir bou- of ander doeleindes en padmaak*—
(1) steiers onder toesig oprig;
(2) betonmengers of kragbore bedien;
(3) asfalt met ysterstampers of meganiese middels vasstamp;

D. *Bunkerwerk*—
(1) skeepsruime oopmaak, skoonmaak of vir laai gereedmaak;
(2) spoorwegwaens stoot, oop- of toemaak;

E. *Market and Commission Agencies*—
(1) sorting, packing or displaying vegetables, fruit, poultry, flowers or other farm products;

F. *Demolition of Buildings*—
(1) loosening or taking down any kind of roof tiling, corrugated iron sheets, asbestos sheeting or other roofing material;
(2) loosening or taking down planks, beams or other kinds of timbering;
(3) loosening, demolishing or breaking up brick walls, concrete walls or walls composed of other material, by means of crowbars, hammers or other tools;
(4) sorting or tying in bundles materials obtained from demolitions;
(5) removing nails from planks or beams;

G. *Distilling*—
(1) spreading or collecting waste products or placing waste products into vats, cans, bags or other containers;
(2) stirring ingredients in vats or pans;
(3) feeding fruit or other raw materials to cutting, mixing or pressing machines;
(4) perforating labels by means of a manually operated machine;

H. *Fertiliser Manufacture*—
(1) sorting waste products;
(2) mixing fertilisers by hand;
(3) chopping up wood, bones or other materials;
(4) working with a hand sieve;

I. *Generation and Distribution of Electricity*—
(1) assisting in erecting poles;

J. *Manufacture or Distribution of Gas*—
(1) emptying or filling gasometers or gas cylinders under supervision;
(2) filling gasometers or gas cylinders with water;
(3) unscrewing valves or heads from empty gasometers or gas cylinders;
(4) making marks on or removing marks from gasometers or gas cylinders;
(5) screwing pipes to or unscrewing pipes from gasometers or gas cylinders;
(6) opening or closing filter presses or removing or changing filter cloths;

K. *Municipal or Town Board Undertakings (including boroughs, townships, public health areas of the local health commissions and health committees)*—
(1) tarring articles, buildings or equipment by hand;
(2) painting chimneys under supervision;
(3) opening or closing coal chutes;
(4) erecting scaffolding under supervision;
(5) erecting or hanging out road signs or putting up warning lamps;
(6) cutting or threading pipes under supervision;
(7) spraying, spreading or applying toxins;
(8) the performance of any work mentioned in paragraphs A to J and L to T of this definition;

L. *Processing of Tanning Extract*—
(1) feeding bark into cutting machine;
(2) filling bags with extract;
(3) operating sewing machine;

M. *Breaking up of Scrap Metal*—
(1) bending or cutting, under supervision, by means of a blowlamp, or bending or breaking up by means of hammers, saws, chisels, crowbars or spanners any scrap metal, machine, wrecks, vehicles of bridges;
(2) sorting but not grading scrap metal;

N. *Transportation of Goods*—
(1) filling fuel tanks, draining or filling oil sumps;
(2) removing, topping up or replacing batteries;
(3) using jack or hoist to lift or lower vehicles or loads;

O. *Manufacture of Whale Products*—
(1) cleaning boilers or tanks;
(2) operating a hoist, winch or capstan by hand;
(3) removing offal;

P. *Refining or Cleaning Oil*—
(1) affixing labels or painting, marking or numbering drums or other containers;

Q. *Manufacturing or Mending Hessian or Jute Bags*—
(1) counting or cleaning bags or patching or mending bags by hand;
(2) cutting bags by hand or machine;
(3) teasing hessian or jute by hand;
(4) removing any impurities from hessian or jute by hand;

R. *Excavating, Pumping, Selling or Delivering of Sand or Gravel*—
(1) pumping, washing or screening sand or gravel;

S. *Waste Paper Recovery*—
(1) placing waste paper in bags, bales, boxes or other containers;
(2) sorting waste paper or pressing or securing waste paper in bags or bales;

E. *Mark- en kommissieagentskappe*—
(1) groente, vrugte, pluimvee, blomme of ander plaasprodukte sorteer, verpak of uitstal;

F. *Sloping van geboue*—
(1) enige soort dakteëls, sinkplate, asbesplate of ander dakmateriaal losmaak of afbreek;
(2) planke, balke of ander soorte timmerhout losmaak of afbreek;
(3) baksteenmure, betonmure of mure van ander materiaal met koevoete, hamers of ander gereedskap losmaak, afbreek of opbreek;
(4) afgebreekte materiaal sorteer of in bondels bind;
(5) spykers uit planke of balke verwyder;

G. *Distillering*—
(1) afvalprodukte oopsprei, bymekaarmaak of in vate, kanne, sakke of ander houers gooi;
(2) bestanddele in vate of panne roer;
(3) sny-, meng- of persmasjiene met vrugte of ander grondstowwe voer;
(4) etikette met 'n handmasjien perforeer;

H. *Kunsmisvervaardiging*—
(1) afval sorteer;
(2) kunsmissoorte met die hand meng;
(3) hout, bene of ander materiaal fynkap;
(4) met 'n handsif werk;

I. *Opwekking van verspreiding van elektrisiteit*—
(1) hulp verleen met die oprig van pale;

J. *Vervaardiging en verspreiding van gas*—
(1) gashouers of gassilinders onder toesig leeg- of volmaak;
(2) gashouers of gassilinders met water volmaak;
(3) kleppe of koppe van leë gashouers of gassilinders afskroef;
(4) merke aan gashouers of gassilinders aanbring of daarvan verwyder;
(5) pype aan gashouers of gassilinders vasskroef of daarvan losskroef;
(6) filterperse oop- of toemaak of filterdoeke verwyder of vervang;

K. *Munisipale- of dorpsbestuursondernemings (insluitende munisipaliteite, dorpe, openbare gesondheidsgebiede van die kommissies vir plaaslike gesondheid en gesondheidskomitees)*—
(1) artikels, geboue of uitrusting met die hand teer;
(2) skoorstene onder toesig verf;
(3) steenskoolstortgeute oop- of toemaak;
(4) steiers onder toesig oprig;
(5) padtekens oprig of uithang of waarskuwingslampe opstel;
(6) pype onder toesig afsaag of skroefdraad daaraan sny;
(7) gifstowwe spuit, sprei of aanwend;
(8) die verrigting van enige werk wat in paragrawe A tot J en L tot T van die woordomskrywing genoem word;

L. *Looi-ekstrakvervaardiging*—
(1) snymasjiene met bas voer;
(2) sakke met ekstrak vul;
(3) 'n naaimasjien bedien;

M. *Opbreek van ou metaal*—
(1) enige ou metaal, masjiene, wrakke, voertuie of brûe met hamers, sae, beitels, koevoete of skroefsleutels buig of opbreek, of onder toesig met 'n blaaslamp buig of sny;
(2) ou metaal sorteer maar nie gradeer nie;

N. *Goedere vervoer*—
(1) brandstoftenks volmaak, oliebakke leegtap of volmaak;
(2) batterye afhaal, volmaak of terugsit;
(3) domkrag of hystoestel gebruik om voertuie of vragte te hys of te laat sak;

O. *Vervaardiging van walvisprodukte*—
(1) ketels of tenks skoonmaak;
(2) hystoestel, windas of gangspil met die hand bedien;
(3) afval verwyder;

P. *Raffineer of skoonmaak van olie*—
(1) etikette opplak of konkas of ander houers verf, merk of nommer;

Q. *Vervaardiging of herstel van goiing- of jutesakke*—
(1) sakke tel, skoonmaak of met die hand lap of herstel;
(2) sakke met die hand of masjien sny;
(3) goiing of jute met die hand pluis;
(4) enige onsuiwerheid uit goiing of jute met die hand verwyder;

R. *Uitgrawe, uitpomp, verkoop of aflewer van sand of gruis*—
(1) sand of gruis uitpomp, was of sif;

S. *Herwinning van afvalpapier*—
(1) afvalpapier in sakke, bale, kiste of ander houers stop;
(2) afvalpapier sorteer of in sakke of bale pers of bind;

T. *Ice-Cream Manufacture or Distribution*—
(1) folding paper or containers;
(2) heating drums, tanks, pipes or other containers by steam;
(3) stirring by hand or hand-operated machine;
(4) ladling;

U. *All Trades Mentioned in Clause* 1—
(1) affixing stamps to letters, parcels, or other articles;
(2) placing letters, circulars, documents, handbills, advertisements or other written, printed, typed or roneoed documents in envelopes or making them up into bundles;
(3) opening, closing, filling or emptying letters, parcels, casks, boxes, tins, trays, cartons, drums, bags, bales or any other containers; affixing labels to or branding, marking, stamping or stencilling such containers or other articles;
(4) opening or closing doors or windows;
(5) carrying, pulling, pushing, hauling, packing, stacking, rolling, moving or burying any article, thing or container, whether in or on the workshop, storeroom, shed, premises, vehicle or railway truck, other than by the use of power equipment;
(6) cleaning or washing premises, doors, windows, equipment, tools, machinery, furniture, vehicles, containers or other articles, including polishing furniture and brushing carpets;
(7) cooking rations or making or serving tea or similar beverages for or to employees, or making or serving tea or other refreshments for or to the employer or his guests;
(8) delivering or conveying messages, parcels, letters or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or manually propelled vehicle;
(9) lime-washing, cleaning or disinfecting compounds, latrines, stables or outbuildings;
(10) loading or unloading;
(11) making or maintaining fires, whether in hearths, ovens or any other fire-places; removing refuse or ashes; sorting out cinders;
(12) oiling or greasing vehicles or machinery, but not electric generating machinery or motor vehicles;
(13) mending, cleaning or shaking out bags;
(14) gardening, i.e. digging, raking, mowing, spreading, mixing, watering, trimming hedges, weeding, felling or removing trees or other vegetation or planting under supervision;
(15) using rubber or other stamps where selection or discretion is unnecessary;
(16) removing, replacing, changing or inflating wheels or tyres or tubes of motor vehicles, bicycles or wheelbarrows or repairing tubes;
(17) minding, cleaning, feeding or in any other way tending livestock;
(18) assisting a journeyman other than by using the tools of his trade;
(19) operating a hand-hoist or goods lift by hand; feeding or taking off from a conveyor belt or platform;
(20) removing, emptying cleaning or replacing sanitary pails;
(21) repetitive weighing of goods to a predetermined weight, or repetitive measuring of goods to a set gauge;
(22) packing articles of uniform size and number in containers specially made to contain such articles;
(23) setting up ready-made cardboard or fibreboard boxes or similar containers by hand;
(24) mixing asphalt with sand, gravel, clay or crushed stone by hand, or spreading mixed asphalt by means of shovels, rakes, forks or wheelbarrows, or spreading asphalt with pipes or cans;
(25) opening or closing cocks or valves or adjusting levers, under supervision;
(26) operating baling presses or other presses by hand, or placing and securing wire, hoops, ropes or metal bands around boxes, bags, fibre or bales;
(27) placing bottles or similar containers in automatic or semi-automatic washing machines or taking therefrom; removing labels from bottles, boxes or other articles by hand or affixing labels thereto; feeding labels to automatic labelling machines;
(28) loosening, excavating, breaking or spreading stone, soil, clay, sand or other raw materials; digging trenches, holes or foundations or performing other excavating work by hand; digging out tree stumps;
(29) cleaning or levelling bricks, stones or concrete by means of hammers, trowels or other tools;
(30) pulling or pushing wheelbarrows, trolleys, barrows or other manually propelled vehicles;
(31) operating hand pumps;
(32) tying or securing steel reinforcing materials with wire under supervision or cutting, bending or assembling such materials;

T. *Vervaardiging of verspreiding van roomys*—
(1) houers of papier vou;
(2) konkas, tenks, pype of ander houers met stoom verhit;
(3) met die hand of handmasjien omroer;
(4) uitskep;

U. *Al die bedrywe in klousule* 1 *genoem*—
(1) posseëls op briewe, pakkette of ander artikels plak;
(2) briewe, omsendbriewe, dokumente, biljette, advertensies of ander geskrewe, gedrukte, getikte of afgerolde geskrifte in koeverte plaas of in pakkies opmaak;
(3) briewe, pakkette, vate, kiste, blikke, platkissies, kartonne, konkas, sakke, bale of enige ander houer oopmaak of toemaak, volmaak of leegmaak; etikette op sulke houers of ander artikels plak of dit merk, brandmerk, stempel of sjabloneer;
(4) deure of vensters oop- of toemaak;
(5) dra, sleep, stoot, trek, verpak, opstapel, rol, verskuif of begrawe van enige artikel, ding of houer hetsy in of op die werkplek, pakkamer, loods, perseel, voertuig of spoorwegwa (behalwe deur die gebruik van kragtoerusting);
(6) persele, deure, vensters, toerusting, gereedskap, masjinerie, meubels, voertuie, houers of ander artikels skoonmaak of was en dit sluit in meubels opvryf en tapyte uitborsel;
(7) rantsoene kook of tee of soortgelyke dranke vir werknemers maak of aan hulle bedien, of tee of ander verversings vir die werkgewer of sy gaste maak of bedien;
(8) boodskappe, pakkette, briewe of goedere te voet, per trapfiets, driewieler of handvoertuig aflewer of vervoer;
(9) kampongs, latrines, stalle of buitegeboue witkalk, skoonmaak of ontsmet;
(10) laai of aflaai;
(11) vuurmaak of vure aan die brand hou, hetsy in kaggels, oonde of enige ander vuurmaakplek; afval of as verwyder sintels uitsoek;
(12) voertuie of masjinerie, maar nie elektriese opwekkingsmasjinerie of motorvoertuie nie, olie of smeer;
(13) sakke heelmaak, skoonmaak of uitskud;
(14) tuinmaak, d.w.s. spit, hark, gras sny, strooi, meng, natmaak, heinings snoei, onkruid verwyder, bome of ander plantegroei afkap of verwyder of onder toesig plant;
(15) rubber- of ander stempels gebruik waar seleksie of diskresie nie nodig is nie;
(16) wiele of buite- of binnebande van motorvoertuie, fietse of kruiwaens afhaal, terugsit, omruil of oppomp of binnebande herstel;
(17) lewende hawe oppas, skoonmaak, voer of op enige ander wyse versorg;
(18) 'n vakman behulpsaam wees op 'n ander wyse as deur die gereedskap van sy vak te gebruik;
(19) 'n handhystoestel of goederehysbak met die hand bedien; 'n vervoerband of platform met die hand voer of daarvan afneem;
(20) sanitêre emmers verwyder, leegmaak, skoonmaak of terugplaas;
(21) goedere volgens voorafbepaalde gewig by herhaling weeg, of goedere volgens voorafbepaalde maat by herhaling meet;
(22) artikels van gelyke grootte en getal verpak in houers wat spesiaal gemaak is om sodanige artikels te bevat;
(23) klaargemaakte karton- of veselborddose of soortgelyke houers met die hand opstel;
(24) asfalt met sand, gruis, klei of gebreekte klip met die hand meng, of gemengde asfalt met skopgrawe, harke, vurke of met kruiwaens versprei, of asfalt met pype of kanne sprei;
(25) onder toesig krane of kleppe oopmaak of toemaak, of masjienhefhome verstel;
(26) baalperse of ander perse met die hand bedien of draad, hoepels, toue of metaalbande om kiste, sakke, vesel of bale sit en vasmaak;
(27) bottels of soortgelyke houers in outomatiese of halfoutomatiese wasmasjien plaas of daaruit neem; etikette van bottels, kiste of ander artikels met die hand verwyder of opplak; etikette aan outomatiese etiketteermasjiene voer;
(28) klip, grond, klei, sand of ander grondstowwe losmaak, uithaal, breek of strooi; slote, gate of fondamente grawe of ander uitgrawingswerk met die hand verrig; boomstompe uitgrawe;
(29) bakstene, klippe of beton met hamers, troffels of of ander gereedskap skoonmaak of afvlak;
(30) kruiwaens, trollies, waentjies of ander handvoertuie trek of stoot;
(31) handpompe bedien;
(32) staalversterkingsmateriaal onder toesig met draad verbind of vasheg, of sodanige materiaal sny, buig of inmekaarsit;

(33) coupling or uncoupling cocopans; laying or bolting or unbolting tracks; operating a cocopan hoist;

(34) ramming cement or concrete in moulds or ramming concrete in foundations, bolting or otherwise securing parts of or dismantling moulds for cement or concrete products;

(35) sorting or wrapping articles, empty bottles, bags, parcels or other containers;

(36) washing overalls, uniforms or protective clothing;

(37) making or repairing boxes from ready prepared material;

(38) guarding premises or property;

(39) replacing towels, soap or toilet paper;

(40) cutting wire, rope or hessian by hand;

(41) covering with or removing tarpaulins;

(42) carrying poles, wire or tools;

"wage" means the amount of money payable to an employee in terms of clause 3 (1) in respect of his ordinary hours of work as prescribed in clause 5: Provided that, if an employer regularly pays an employee in respect of such ordinary hours of work an amount higher than that prescribed in clause 3 (1), it means such higher amount.

(2) For the purpose of this Determination an employee shall be deemed to be in that class in which he is wholly or mainly engaged

3. REMUNERATION.

(1) The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out hereunder:—

(33) koekepanne koppel of ontkoppel; spore lê of vas- of losbout; koekepanhystoestel bedien;

(34) sement of beton in vorms vasstamp of beton in fondamente vasstamp, onderdele van vorms vir sement- of betonprodukte aanmekaarbout of op 'n ander manier saamvoeg of vorms uitmekaarhaal;

(35) artikels, leë bottels, sakke, pakkette of ander houers sorteer of toedraai;

(36) oorpakke, uniforms of beskermende klere was;

(37) kiste uit voorafbereide materiaal maak of heelmaak;

(38) persele of eiendom bewaak;

(39) handdoeke, seep of toiletpapier vervang;

(40) draad, tou of goiingsak met die hand sny;

(41) bokseile oorgooi of afhaal;

(42) pale, draad of gereedskap dra;

„loon", die bedrag aan 'n werknemer ingevolge klousule 3 (1) betaalbaar ten opsigte van sy gewone werkure soos voorgeskryf by klousule 5: Met dien verstande dat, as 'n werkgewer sy werknemer vir sy gewone werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié in klousule 3 (1) voorgeskryf, dit dié hoër bedrag beteken.

(2) By die toepassing van hierdie Vasstelling word 'n werknemer geag in daardie klas te wees waarin hy uitsluitlik of hoofsaaklik werksaam is.

3. BESOLDIGING.

(1) Die minimum loon wat 'n werkgewer aan elkeen van sy werknemers in ondergenoemde klasse moet betaal, word hieronder uiteengesit:—

EMPLOYEES IN ANY TRADE OTHER THAN IN A MUNICIPAL OR TOWN BOARD UNDERTAKING (INCLUDING A BOROUGH, TOWNSHIP, PUBLIC HEALTH AREA OF THE LOCAL HEALTH COMMISSION OR A HEALTH COMITTEE UNDERTAKING).

	In the Municipal Area of Pinetown.	In all other Areas.
	Per Day. £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.
(*a*) Daily employee	0 7 9	0 8 3
	Per Week. £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.
(*b*) Night watchman	2 2 6	2 5 0
(*c*) Employee (other than a daily employee or a night watchman)—		
(i) Female	1 10 0	1 12 0
(ii) Male of the age of 18 years or over	1 17 6	2 0 0
(iii) Male under the age of 18 years	1 8 3	1 10 0

EMPLOYEES IN ANY MUNICIPAL OR TOWN BOARD UNDERTAKING (INCLUDING A BOROUGH, TOWNSHIP, PUBLIC HEALTH AREA OF THE LOCAL HEALTH COMMISSION OR A HEALTH COMMITTEE UNDERTAKING).

	For the First Twelve Months from the coming into Operation of this Determination.			For the Next Succeeding Twelve Months.			Thereafter.		
	In the Municipal Area of Durban.	In the Municipal or Town Board Areas of Pinetown, Queensburgh and Westville.	In All Other Areas.	In the Municipal Area of Durban.	In the Municipal or Town Board Areas of Pinetown, Queensburgh and Westville.	In All Other Areas.	In the Municipal Area of Durban.	In the Municipal or Town Board Areas of Pinetown, Queensburgh and Westville.	In All Other Areas.
	Per Day. £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.	*Per Day.* £ s. d.
(*d*) Daily employee	0 7 9	0 6 9	0 6 3	0 8 3	0 7 3	0 6 6	0 8 3	0 7 9	0 7 0
	Per week. £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.	*Per Week.* £ s. d.
(*e*) Night watchman	2 2 6	1 18 6	1 15 0	2 5 0	2 0 3	1 15 6	2 5 0	2 2 6	1 19 0
(*f*) Employee (other than a daily employee or a night watchman)—									
(i) Female	1 10 0	1 7 0	1 4 0	1 12 0	1 8 3	1 4 6	1 12 0	1 10 0	1 7 3
(ii) Male of the age of 18 years or over	1 17 6	1 13 6	1 10 0	2 0 0	1 15 3	1 10 6	2 0 0	1 17 6	1 14 0
(iii) Male under the age of 18 years	1 8 3	1 5 3	1 2 6	1 10 0	1 6 6	1 3 0	1 10 0	1 8 3	1 5 6

WERKNEMERS IN ENIGE BEDRYF UITGESONDERD IN 'N MUNISIPALE- OF DORPSBESTUURSONDERNEMING (INSLUITENDE 'N MUNISIPALITEIT, DORP, OPENBARE GESONDHEIDSGEBIED VAN DIE KOMMISSIE VIR PLAASLIKE GESONDHEID OF 'N GESONDHEIDSKOMITEE).

	In die Munisipale Gebied van Pinetown.	In alle ander Gebiede.
	Per dag. £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.
(*a*) Daaglikse werknemer	0 7 9	0 8 3
	Per week. £ s. d.	*Per week.* £ s. d.
(*b*) Nagwag	2 2 6	2 5 0
(*c*) Werknemer (uitgesonderd 'n daaglikse werknemer of 'n nagwag)—		
(i) Vrou	1 10 0	1 12 0
(ii) Man van 18 jaar of ouer	1 17 6	2 0 0
(iii) Man onder 18 jaar	1 8 3	1 10 0

WERKNEMERS IN ENIGE MUNISIPALE OF DORPSBESTUURSONDERNEMING (INSLUITENDE 'N MUNISIPALITEIT, DORP, OPENBARE GESONDHEIDSGEBIED VAN DIE KOMMISSIE VIR PLAASLIKE GESONDHEID OF 'N GESONDHEIDSKOMITEE).

	In die eerste twaalf maande vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Vasstelling.			In die daaropvolgende twaalf maande.			Daarna.		
	In die munisipale gebied van Durban.	In die munisipale of dorpsbestuursgebiede van Pinetown, Queensburgh en Westville.	In alle ander gebiede.	In die munisipale gebied van Durban.	In die munisipale of dorpsbestuursgebiede van Pinetown, Queensburgh en Westville.	In alle ander gebiede.	In die munisipale gebied van Durban.	In die munisipale of dorpsbestuursgebiede van Pinetown, Queensburgh en Westville.	In alle ander gebiede.
	Per dag. £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.	*Per dag.* £ s. d.
(*d*) Daaglikse werknemer	0 7 9	0 6 9	0 6 3	0 8 3	0 7 3	0 6 6	0 8 3	0 7 9	0 7 0
	Per week. £ s. d.	*Per week.* £ s. d.	*Per week.* £ s. d.	*Per week.* £ s. d.	*Per week.* £ s. d.	*Per week.* £ s. d.	*Per week.* £ s. d.	*Per week.* £ s. d.	*Per week.* £ s. d.
(*e*) Nagwag	2 2 6	1 18 6	1 15 0	2 5 0	2 0 3	1 15 6	2 5 0	2 2 6	1 19 0
(*f*) Werknemer (uitgesonderd 'n daaglikse werknemer of 'n nagwag)—									
(i) Vrou	1 10 0	1 7 0	1 4 0	1 12 0	1 8 3	1 4 6	1 12 0	1 10 0	1 7 3
(ii) Man van 18 jaar of ouer	1 17 6	1 13 6	1 10 0	2 0 0	1 15 3	1 10 6	2 0 0	1 17 6	1 14 0
(iii) Man onder 18 jaar	1 8 3	1 5 3	1 2 6	1 10 0	1 6 6	1 3 0	1 10 0	1 8 3	1 5 6

(*g*) Notwithstanding anything to the contrary in this subclause, an employee who is wholly or mainly engaged in removing, empying, cleaning or replacing sanitary pails shall be paid a wage of not less than that prescribed for his area in paragraph (*c*) or (*f*), as the case may be, for a male employee of the age of 18 years or over, plus three shillings and sixpence per week, or, if he is an daily employee, not less than that prescribed for his area in paragraph (*a*) or (*d*), as the case may be, plus sixpence per day.

(*h*) Notwithstanding anything to the contrary in this subclause, if a daily employee is employed as a night watchman, his wage shall be not less than that prescribed in paragraph (*a*) or (*d*) hereof, as the case may be, plus one shilling per day: Provided that for the purpose of this paragraph the expression "day" shall mean a period of twenty-four consecutive hours reckoned from the time the employee commences work.

(*i*) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, where on any day a daily employee has worked or stood-by for the work for which he was engaged and which work he was precluded from doing through unforeseen circumstances beyond his control, his employer shall pay him not less than his daily wage, irrespective of whether he has on that day worked or so stood-by for eight-and-a-half hours or less: Provided that if he was required to work or so stand-by for less than four hours on any day, his wage in respect of such day need not exceed half his daily wage.

(2) *Basis of Contract.*—For the purpose of this clause the contract of employment of an employee, other than a daily employee, shall be on a weekly basis and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in sub-clause (1) for an employee of his class and area, whether he has in that week worked the maximum ordinary hours of work applicable to him in terms of clause 5 or less.

(*g*) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie subklousule, moet die loon van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik in diens is vir die verwydering, leegmaak, skoonmaak of terugplaas van sanitêre emmers, minstens dié wees wat in paragraaf (*c*) of (*f*), al na gelang van die geval, voorgeskryf is vir 'n manlike werknemer van 18 jaar of ouer, vir sy gebied, plus drie sjielings en ses pennies per week, of, indien hy 'n daaglikse werknemer is, minstens dié voorgeskryf vir sy gebied in paragraaf (*a*) of (*d*), na gelang van die geval, plus ses pennies per dag.

(*h*) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie subklousule, moet die loon van 'n daaglikse werknemer, indien hy as 'n nagwag in diens is, minstens dié wees wat in paragraaf (*a*) of (*d*) hiervan, na gelang van die geval, voorgeskryf is, plus een sjieling per dag: Met dien verstande dat die uitdrukking „dag" by die toepassing van hierdie paragraaf 'n tydperk van vier-en-twintig opeenvolgende ure beteken, bereken vanaf die tydstip wanneer die werknemer met sy werk begin.

(*i*) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie klousule, wanneer 'n daaglikse werknemer op enige dag gewerk het of beskikbaar was vir werk waarvoor hy in diens geneem is, maar wat hy weens onvoorsiene omstandighede buite sy beheer nie kan verrig nie, moet sy werkgewer hom minstens sy dagloon betaal, afgesien daarvan of hy die dag agt en 'n half uur of minder gewerk het of aldus vir die werk beskikbaar was: Met dien verstande dat as van hom vereis word om te werk of om aldus beskikbaar te wees vir minder as vier uur op enige dag, sy loon vir dié dag nie meer as die helfte van sy dagloon hoef te wees nie.

(2) *Kontrakbasis.*—By die toepassing van hierdie klousule moet die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, op 'n weeklikse grondslag berus en, behoudens soos in klousule 4 (6) bepaal, moet 'n werknemer vir 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat in subklousule (1) vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word ongeag of hy in dié week die maksimum getal gewone werkure wat vir hom ingevolge klousule 5 geld, of minder, gewerk het.

(3) *Calculation of Wages.*—(*a*) The daily wage of an employee other than a daily employee, shall be his weekly wage divided by the number of days he ordinarily works in a week.

(*b*) The monthly wage of an employee, other than a daily employee, shall be his weekly wage multiplied by four-and-a-third.

(*c*) The hourly wage of an employee, other than a daily employee, shall be his weekly wage divided by the number of ordinary hours of work which he ordinarily works in a week.

(4) *Bicycle Allowance.*—An employer who requires an employee to use his own bicycle in the performance of his duties shall pay such employee, in addition to any other remuneration due to him, an allowance of not less than three shillings and sixpence per week, or, if the employee is a daily employee, not less than ninepence per day.

(5) *Subsistence Allowance.*—(*a*) An employer shall, in addition to any other remuneration due, pay his employee, who is engaged in packing, unpacking, loading, unloading or transportation of household furniture and who on any journey undertaken in the performance of his duties is absent from his place of residence and his employer's establishment for any period extending over one or more nights, a subsistence allowance of not less than—

(i) four shillings and sixpence for each night of such absence, and

(ii) one shilling for each meal necessarily obtained during such absence.

(*b*) For the purpose of this sub-clause the expression "night" means the period between 11 o'clock p.m. and 4 o'clock a.m.

4. PAYMENT OF REMUNERATION.

(1) *Employees Other than Daily Employees.*—Save as provided in clause 6 (4), any amount due to an employee, other than a daily employee, shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee, monthly during the hours of work or within fifteen minutes of ceasing work, on the usual pay day of the establishment for such employee or on termination of employment if this takes place before the usual pay day: Provided that an employer in any of the trades of asphalting (non-building industry), bridge-building, demolition of buildings, excavating or levelling soil, preparing sites for building or other purposes or roadmaking may so pay his employee fortnightly instead of weekly.

(2) *Daily Employees.*—An employer shall pay the remuneration due to his daily employee in cash on completion of each day's work.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment of an employee.

(4) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him: Provided that this sub-clause shall not apply to employees in a municipal or town board undertaking engaged in guarding property or patrolling premises.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:—

(*a*) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension funds;

(*b*) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time thereof;

(*c*) a deduction of any amount which an employer by any law or order of any competent court is required or permitted to make;

(*d*) whenever an employee agrees or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board or lodging or board and lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:—

	Per Week.	*Per Month.*
	s. d.	£ s. d.
(i) Board	4 0	17 4
(ii) Lodging	2 0	8 8
(iii) Board and lodging	6 0	1 6 0;

(*e*) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction to the amount of the employee's (other than a daily employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided—

(i) that such deduction shall not exceed one-third of the employee's weekly wage, irrespective of the number of hours by which the ordinary hours of work are thus reduced;

(ii) that no deduction shall be made in the case of short-time arising out of shortage of raw materials, unless the employer has given his employee notice on the previous work day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(3) *Loonberekening.*—(*a*) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, is sy weekloon gedeel deur die getal dae wat hy in die reël in 'n week werk.

(*b*) Die maandloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, is vier en 'n derde maal sy weekloon.

(*c*) Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, is sy weekloon gedeel deur die getal gewone werkure wat hy in die reël in 'n week werk.

(4) *Fietstoelae.*—'n Werkgewer wat van 'n werknemer vereis dat hy vir die uitvoering van sy pligte sy eie fiets gebruik moet hom, benewens enige ander besoldiging aan hom verskuldig, 'n toelae van minstens drie sjielings en ses pennies per week betaal, of, as hy 'n daaglikse werknemer is, minstens nege pennies per dag.

(5) *Onderhoudstoelae.*—(*a*) 'n Werkgewer moet, benewens enige ander verskuldigde besoldiging, sy werknemer wat huisraad verpak, uitpak, laai, aflaai, of vervoer en wat op 'n reis by die uitvoering van sy pligte van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting vir 'n periode wat oor een of meer nagte strek, afwesig is, 'n onderhoudstoelae betaal van minstens—

(i) vier sjielings en ses pennies vir elke nag van sodanige afwesigheid, en

(ii) een sjieling vir elke ete wat noodwendig gedurende sodanige afwesigheid verkry moet word.

(*b*) By die toepassing van hierdie subklousule beteken die uitdrukking „nag" die tyd tussen 11-uur nm. en 4-uur vm.

4. BETALING VAN BESOLDIGING.

(1) *Werknemers uitgesonderd daaglikse werknemers.*—Behoudens soos bepaal in klousule 6 (4), moet iedere bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, weekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant betaal word gedurende die werkure of binne vyftien minute nadat die werk gestaak is, op die dag waarop die bedryfsinrigting so 'n werknemer gewoonlik betaal, of as dit voor die gewone betaaldag geskied, by die diensbeëindiging: Met dien verstande dat 'n werkgewer in enigeen van die bedrywe ten opsigte van asfaltering (nie boubedryf nie), brugbou, sloping van geboue, uitgrawe of gelykmaak van grond, voorbereiding van terreine vir bou- of ander doeleindes of padmaak, sy werknemer tweeweekliks in plaas van weekliks kan betaal.

(2) *Daaglikse werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan sy daaglikse werknemer verskuldig is, by die voltooiing van elke dag se werk betaal.

(3) *Premies.*—Geen betaling mag regstreeks of onregstreeks ten opsigte van die indiensneming van 'n werknemer aan 'n werkgewer gedoen of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag van sy werknemer nie eis dat dié van hom van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, goedere koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens soos in die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, bepaal, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer eis dat dié by hom of by enige ander persoon of plek deur hom aangewys, eet of inwoon of eet en inwoon nie: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is nie op werknemers wat in 'n munisipale- of dorpsbestuursonderneming in diens is om eiendom te bewaak of persele te patrolleer.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of van sy werknemer se besoldiging 'n aftrekking doen nie: Met dien verstande dat hy die volgende aftrekkings kan doen:—

(*a*) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir vakansie, siektebystands-, versekerings-, spaar-, voorsorgs- of pensioenfondse;

(*b*) behoudens waar in hierdie Vasstelling anders bepaal word, wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer uit sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig met die tydperk van sy afwesigheid en bereken op grondslag van die loon wat so 'n werknemer ten tyde van die afwesigheid vir sy gewone werkure ontvang het;

(*c*) iedere bedrag wat 'n werkgewer by wet of op bevel van 'n bevoegde hof verplig of toegelaat word om af te trek;

(*d*) wanneer 'n werknemer instem, of ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, verplig word om kos of inwoning of kos en inwoning van sy werkgewer aan te neem, 'n bedrag hoogstens gelyk aan die bedrae hieronder:—

	Per week.	*Per maand.*
	s. d.	£ s. d.
(i) Kos	6 0	0 17 4
(ii) Inwoning	2 0	0 8 8
(iii) Kos en inwoning	6 0	1 6 0

(*e*) Wanneer die gewone werkure in klousule 5 voorgeskryf, weens korttyd verminder word, 'n bedrag gelyk aan die werknemer (uitgesonderd 'n daaglikse werknemer) se uurloon vir elke uur van sodanige vermindering:

Met dien verstande—

(i) dat sodanige aftrekking, ongeag die getal ure waarmee die gewone werkure aldus verminder word, hoogstens gelyk aan een derde van die werknemer se weekloon mag wees;

(ii) dat geen aftrekking mag geskied ten opsigte van korttyd wat deur 'n tekort aan grondstowwe ontstaan nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag van sy voornemens om die gewone werkure te verminder, kennis gegee het;

(iii) that no deduction shall be made in the case of short-time owing to the vagaries of the weather or a general breakdown of plant or machinery or a breakdown or threatened breakdown of buildings in respect of the first hour not worked unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(*f*) a deduction of an amount equal to his daily wage in respect of any public holiday, other than New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, on which an employee at his own request is permitted not to work.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary Hours of Work.*—An employer shall not require or permit an employee to work more ordinary hours of work than—

(*a*) in the case of a daily employee, eight and a half on any day, but so that forty-six is not exceeded in any week with the same employer;

(*b*) in the case of any other employee—

(i) forty-six in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to paragraph (i) hereof, eight on any day: Provided—

(*aa*) that where the hours of work of an employee are less than eight on one day in any week, the limit of eight hours may be exceeded by not more than half an hour on the remaining days of the week;

(*bb*) that where work is normally performed on not more than five days in any week, the limit of eight hours a day may be exceeded by not more than one and a half hours on any such day,

but so that the ordinary hours of work do not exceed forty-six in any week.

(2) For the purpose of sub-clauses (1) and (4) the expression "day" means—

(*a*) where shift work is not performed, a period of twenty-four consecutive hours commencing at midnight;

(*b*) where shift work is performed, a period of twenty-four consecutive hours calculated from the time an employee commences his shift.

(3) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit his employee, other than an employee working shift work on a continuous process, to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour, during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work of the employee: Provided—

(i) that if such interval be longer than one and a quarter hours, any time in excess thereof shall be deemed to form part of the ordinary hours or work;

(ii) that periods or work interrupted by intervals of less than the minimum prescribed meal interval period shall be deemed to be continuous;

(iii) that an employer (other than in a municipal or town board undertaking) may agree with his employee to reduce the period of such meal interval to not less than half-an-hour and in that event and after the employer has lodged a statement of such agreement with the Divisional Inspector, Department of Labour, Durban, the meal interval may be so reduced;

(iv) that if an employee employed in any municipal or town board undertaking agrees his meal interval may be reduced to not less than half-an-hour;

(v) that, in the case of an employee who is wholly or mainly engaged in cleaning premises or streets or vehicles used for the transportation of passengers or tending to animals, if such interval be longer than three hours any period in excess of three hours shall be deemed to form part of the ordinary hours of work.

(4) *Hours of Work to be Consecutive.*—Save as provided in sub-clause (3) and (9), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(5) *Overtime.*—All time worked in excess of the number of ordinary hours of work prescribed in sub-clause (1) shall be deemed to be overtime.

(6) *Limitation of Overtime.*—(*a*) An employer shall not require or permit an employee, other than a daily employee, to work overtime for more than ten hours in any week: Provided that, in the application of this weekly limitation, the first two hours in excess of forty-six in any week worked by an employee employed on shift work on a continuous process may be disregarded.

(*b*) An employer shall not require or permit his daily employee to work overtime for more than two hours on any day.

(iii) dat ten opsigte van korttyd weens ongunstige weersgesteldheid, of ten gevolge van die feit dat die installasie of masjinerie defek is, of die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word, geen aftrekking mag geskied vir die eerste uur waarin nie gewerk word nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(*f*) ten opsigte van 'n ander openbare vakansiedag as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag, waarop die werknemer op eie versoek toegelaat word om nie te werk nie, 'n bedrag gelyk aan sy dagloon.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN DIE BETALING VIR OORTYD.

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer meer gewone werkure werk as die volgende nie:—

(*a*) In die geval van 'n daaglikse werknemer, agt en 'n half op 'n dag, maar dan so dat ses-en-veertig in 'n week by dieselfde werkgewer nie oorskry word nie;

(*b*) in die geval van enige ander werknemer—

(i) ses-en-veertig in enige week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens die bepalings van paragraaf (i) hiervan, agt op 'n dag: Met dien verstande—

(*aa*) dat, indien 'n werknemer se werkure op een dag in 'n week minder is as agt, die perk van agt uur op die orige dae in die week met hoogstens 'n halfuur oorskry kan word;

(*bb*) dat, indien in die reël nie op meer as vyf dae in 'n week gewerk word nie, die perk van agt uur op 'n dag met hoogstens een en 'n half uur op so 'n dag oorskry kan word,

maar dan so dat die gewone werkure in enige week nie ses-en-veertig oorskry nie.

(2) By die toepassing van subklousules (1) en (4) beteken die uitdrukking „dag"—

(*a*) waar geen skofwerk verrig word nie, 'n tydperk van vier-en-twintig opeenvolgende ure wat om middernag begin;

(*b*) waar skofwerk verrig word, 'n tydperk van vier-en-twintig opeenvolgende ure bereken vanaf die tydstip wanneer 'n werknemer sy skof begin.

(3) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat sy werknemer, uitgesonderd 'n werknemer wat by 'n onafgebroke proses skofwerk doen, meer as vyf uur aaneen werk sonder 'n etenspouse van minstens een uur waarin so 'n werknemer nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig nie, en dié pouse word nie as deel van die gewone werkure van die werknemer geag nie: Met dien verstande—

(i) dat, as so 'n pouse langer as 'n uur en 'n kwart duur, alle tyd wat hierdie tydperk oorskry as deel van die gewone werkure geag word;

(ii) dat werktye wat onderbreek word deur korter pouses as die voorgeskrewe etenspouse, as aaneenlopend geag word;

(iii) dat 'n werkgewer uitgesonderd in 'n munisipale of dorpsbestuursonderneming met sy werknemer kan ooreenkom om die duur van so 'n etenspouse tot minstens 'n halfuur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgewer 'n weergawe van dié ooreenkoms by die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Durban, ingedien het, kan die etenspouse aldus verkort word;

(iv) dat indien 'n werknemer wat by enige munisipale of dorpsbestuursonderneming in diens is, daartoe toestem, sy etenspouse tot minstens 'n halfuur verkort kan word;

(v) dat indien, in die geval van 'n werknemer wat hom uitsluitend of in hoofsaak met die skoonmaak van persele of strate of passasiersvoertuie of die versorging van diere besig hou, dié pouse langer as drie uur is, alle tyd bo die drie uur as deel van die gewone werkure geag word.

(4) *Werkure moet opeenvolgend wees.*—Behoudens die bepalings van subklousule (3) en (9) moet alle werkure van 'n werknemer op iedere dag opeenvolgend wees.

(5) *Oortyd.*—Alle tyd wat 'n werknemer bo die getal gewone werkure in subklousule (1) voorgeskryf, gewerk het, oortyd geag word.

(6) *Beperking van oortyd.*—(*a*) 'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, langer oortyd werk as hoogstens tien uur in 'n week nie: Met dien verstande dat by die toepassing van dié weeklikse beperking die eerste twee uur bo ses-en-veertig uur wat 'n werknemer werk wat skofwerk by 'n onafgebroke proses doen, nie in ag geneem hoef te word nie.

(*b*) 'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat sy daaglikse werknemer langer as twee uur op 'n dag oortyd werk nie.

(7) *Female Employees.*—Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(*a*) between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;
(*b*) after 1 o'clock p.m. on more than five days a week;
(*c*) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday but so that ten hours are not exceeded in such week;
(*d*) overtime on more than three consecutive days in any week;
(*e*) overtime on more than sixty days in any year;
(*f*) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—
  (i) before midday given notice thereof to such employee; or
  (ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or
  (iii) paid such employee not less than two shillings and sixpence in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(8) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(*a*) in the case of a daily employee, one-and-one-third times his daily wage divided by eight and a half in respect of each hour or part of an hour so worked on any day;
(*b*) in the case of any other employee, one-and-one-third times his hourly wage in respect of each hour or part of an hour in the aggregate of the overtime worked on any days in any week:

Provided that for the purpose of this sub-clause the expression "wage" means an employee's wage plus his cost of living allowance.

(9) *Spreadover.*—The ordinary hours of work, meal interval and overtime of an employee employed in any municipal or town board brewery or Native eating house shall be completed within a spreadover of not more than thirteen hours.

(10) *Time-off.*—An employer shall grant his night watchman, other than a daily employee, not less than four days off in every four consecutive weeks of employment: Provided—

(i) that he shall make no deduction from the night watchman's wage in respect thereof;
(ii) that an employer may, in lieu of granting his night watchman any such day off, pay him the wage which he would have received if he had not worked on such a day off, plus an amount of not less than his daily wage in respect of each such day off not granted;
(iii) that, where a night watchman's contract of employment terminates before he has been granted all the day of to which he has become entitled by virtue of this sub-clause, his employer shall pay him in respect of each such day off not granted an amount of not less than his daily wage;
(iv) that for the purpose of this sub-clause the expression—
  (*a*) "day" means a period of twenty-four consecutive hours calculated from the time the night watchman normally commences duty;
  (*b*) "wage" means the night watchman's wage plus his cost of living allowance.

(11) *Savings.*—(*a*) Save as provided in sub-clause (10), the provisions of this clause shall not apply to a night watchman.

(*b*) The provisions of sub-clauses (3), (4) and (6) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.

(*c*) The provisions of sub-clause (3) shall not apply to an employee who is engaged exclusively on the removal of night soil.

(*d*) The provisions of sub-clause (6) shall not apply to an employee employed in the bunkering trade.

(*e*) The provisions of sub-clauses (3), (4) and (6) shall not apply to a stable hand or to an employee in any municipal or town board undertaking employed in any hospital, clinic or beach bathing establishment.

(*f*) The provisions of sub-clause 7 (*a*), (*b*), (*c*) and (*d*) shall not apply to any female employee in any municipal or town board undertaking employed in any women's hostel, hospital, clinic, beach bathing establishment, public swimming bath or public convenience.

6. Annual Leave.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a daily employee, in respect of each completed period of twelve months' employment with him—

(*a*) in the case of an night watchman, twenty-one consecutive calendar days' leave,
(*b*) in the case of any other employee, fourteen consecutive calendar days' leave,

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee mentioned in paragraph (*a*), an amount of not less than three times the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave;

(7) *Vroulike werknemers.*—Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag 'n werkgewer nie vereis of toelaat dat 'n vroulike werknemer—

(*a*) tussen 6-uur nm. en 6-uur vm. werk nie;
(*b*) op meer as vyf dae in 'n week na 1-uur nm. werk nie;
(*c*) meer as twee uur oortyd op 'n dag werk nie, behalwe dat 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae op 'n Saterdag tot vier uur oortyd kan werk, maar dan só dat tien uur in so 'n week nie oorskry word nie;
(*d*) op meer as drie opeenvolgende dae in 'n week oortyd werk nie;
(*e*) op meer as sestig dae in 'n jaar oortyd werk nie;
(*f*) na voltooiing van haar gewone werkure, meer as een uur op 'n dag oortyd werk nie, tensy hy—
  (i) so 'n werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of
  (ii) so 'n werknemer van 'n behoorlike ete voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin; of
  (iii) so 'n werknemer minstens twee sjielings en ses pennies betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat die oortydwerk begin.

(8) *Betaling vir oortyd werk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen 'n skaal van minstens—

(*a*) in die geval van 'n daaglikse werknemer, een en 'n derde maal sy dagloon gedeel deur agt en 'n half vir elke uur of deel van 'n uur wat hy oortyd op enige dag gewerk het;
(*b*) in die geval van enige ander werknemer, een en 'n derde maal sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat hy altesaam op enige dae in enige week oortyd gewerk het:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie subklousule die uitdrukking „loon" 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae beteken.

(9) *Werksdag.*—Die gewone werkure, etenspouse en oortydwerk van 'n werknemer in diens by enige munisipale of dorpsbestuursbrouery of Naturelle-eetplek moet binne 'n werkdag van hoogstens dertien uur voltooi wees.

(10) *Diensvry tyd.*—'n Werkgewer moet aan sy nagwag, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, minstens vier vrye dae in elke vier opeenvolgende weke diens, toestaan: Met dien verstande dat—

(i) hy geen aftrekking ten opsigte daarvan van die nagwag se loon mag maak nie;
(ii) 'n werkgewer, in plaas daarvan om aan sy nagwag 'n vry dag toe te staan, aan hom die loon kan betaal wat hy sou ontvang het as hy nie op so 'n vry dag sou gewerk het nie, plus 'n bedrag van minstens sy daaglikse loon ten opsigte van elke sodanige vry dag wat nie toegestaan is nie;
(iii) waar 'n nagwag se dienskontrak beëindig word voordat al die vrye dae waarop hy ingevolge hierdie subklousule geregtig is, aan hom toegestaan is, sy werknemer hom ten opsigte van elke sodanige vry dag wat nie toegestaan is nie 'n bedrag van minstens sy daaglikse loon moet betaal;
(iv) vir die toepassing van hierdie subklousule die uitdrukking—
  (*a*) „dag", 'n tydperk van vier-en-twintig opeenvolgende ure bereken vanaf die tydstip waarop die nagwag gewoonweg met sy werk begin, beteken;
  (*b*) „loon", die nagwag se loon plus sy lewenskostetoelae beteken.

(11) *Voorbehoudsbepalings.*—(*a*) Behoudens soos bepaal in subklousule (10), geld die bepalings van hierdie klousule nie vir 'n nagwag nie.

(*b*) Die bepalings van subklousule (3), (4) en (6) geld nie vir 'n werknemer onderwyl hy noodwerk verrig nie.

(*c*) Die bepalings van subklousule (3) geld nie vir 'n werknemer wat uitsluitlik nagvuil verwyder nie.

(*d*) Die bepalings van subklousule (6) geld nie vir 'n werknemer wat in diens is in die bunkerwerkbedryf nie.

(*e*) Die bepalings van subklousule (3), (4) en (6) geld nie vir 'n staljong of vir 'n werknemer in diens by 'n munisipale of dorpsraadonderneming in enige hospitaal, kliniek of strandbaai-inrigting nie.

(*f*) Die bepalings van subklousule 7 (*a*), (*b*), (*c*) en (*d*) geld nie vir 'n vroulike werknemer wat in dliens is by 'n munisipale of dorpsbestuursonderneming in enige damestehuis, hospitaal, kliniek, strandbaai-inrigting, openbare swembad of openbare toiletkamers nie.

6. Jaarlikse verlof.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, ten opsigte van iedere voltooide tydperk van twaalf maande in sy diens die volgende toestaan:—

(*a*) In die geval van 'n nagwag, een-en-twintig opeenvolgende kalenderdae verlof;
(*b*) aan iedere ander werknemer, veertien opeenvolgende kalenderdae verlof,

en moet hy so 'n werknemer ten opsigte van sodanige verlof die volgende betaal:—

(i) In die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) vermeld, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon waarop hy vanaf die eerste dag van die verlof geregtig is;

(ii) in the case of an employee mentioned in paragraph (*b*), an amount of not less than double the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave:

Provided that for the purpose of this clause the weekly wage of any employee who is employed on any basis provided for in clause 9 shall be calculated on the basis set out in section *twenty* (5) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(2) The leave prescribed in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided—

(i) that, if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in sub-clause (3), be granted so as to commence within two months after the completion of the twelve months of employment to which it relates, or, if the employer and his employee agree thereto, the period within which such leave must be granted may be increased to a period not exceeding six months reckoned from the completion of the twelve months of employment to which the leave relates;

(ii) that the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7;

(iii) that, if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid an amount not less than his daily wage in respect of each such day added;

(iv) that an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's written request during the period of twelve months of employment to which the period of leave relates.

(3) (*a*) At the written request of an employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than twenty-four months of employment: Provided—

(i) that such request is made by such employee not later than two months after the expiry of the first period of twelve months' employment to which the leave relates, and,

(ii) that the date of the receipt of such request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain such request for a period of not less than three years from such date or the date of the expiry of the first period of twelve months' employment to which the leave relates. whichever is the later.

(*b*) The provisions of sub-clause (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this sub-clause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose contract of employment terminates during any period of twelve months' employment before the period of leave prescribed in sub-clause (1) in respect of that period has accrued, shall upon such termination, and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(*a*) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*) of sub-clause (1), one-fourth of the weekly wage, and

(*b*) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*) of sub-clause (1), one-sixth of the weekly wage,

he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to sub-clause (2) and provided further that an employee—

(i) who leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice; or

(ii) who leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or

(iii) who is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice,

shall not be entitled to any payment by virtue of this sub-clause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), and whose contract of employment terminates before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received in respect of the leave, had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period in respect of which an employer, in terms of clause 12, pays an employee in lieu of notice and also any period or periods during which an employee is—

(*a*) absent on leave in terms of this clause;

(ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) vermeld, 'n bedrag van minstens twee maal die weekloon waarop hy vanaf die eerste dag van die verlof geregtig is:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n werknemer wat op enige grondslag vermeld in klousule 9 in diens is, bereken moet word op die grondslag in artikel *twintig* (5) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, uiteengesit.

(2) Die verlof voorgeskryf in subklousule (1) moet toegestaan word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande—

(i) dat as die verlof nie eerder toegestaan is nie, dit, behoudens die bepalings van subklousule (3), só toegestaan word dat dit begin binne twee maande ná voltooiing van die twaalf maande diens waarop die betrekking het, of dat, as die werkgewer en werknemer daartoe ooreenkom, die tydperk waarin sodanige verlof toegestaan moet word verleng kan word tot 'n tydperk van hoogstens ses maande vanaf die voltooiing van die twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het;

(ii) dat die tydperk van verlof nie mag saamval met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is nie;

(iii) dat, as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van verlof val, vir elke sodanige dag nog 'n dag by gemelde tydperk as verdere verloftyd gevoeg en vir elke sodanige bygevoegde dag aan die werknemer 'n bedrag gelyk aan sy dagloon betaal moet word;

(iv) dat 'n werkgewer alle dae geleentheidsverlof wat aan sy werknemer op dié se skriftelike versoek gedurende die tydperk van twaalf maande waarop die verloftyd betrekking het, teen volle betaling toegestaan is van sodanige tydperk van verlof kan aftrek.

(3) (*a*) Op die skriftelike versoek van 'n werknemer kan 'n werkgewer die verlof oor 'n tydperk van hoogstens vier-en-twintig maande diens laat oploop: Met dien verstande—

(i) dat die werknemer sodanige versoek doen binne twee maande na afloop van die twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het; en

(ii) dat die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek op die versoek aanteken en dit onderteken en die versoek minstens drie jaar bewaar vanaf sodanige datum of vanaf die datum van die afloop van die eerste tydperk van twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het, en wel vanaf die jongste van dié twee datums.

(*b*) Die bepalings van subklousule (2) geld *mutatis mutandis* vir die verlof in hierdie klousule genoem.

(4) Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet uiterlik op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) Aan 'n werknemer wie se dienskontrak gedurende enige tydperk van twaalf maande diens eindig voordat die verloftydperk voorgeskryf in subklousule (1) ten opsigte van so 'n tydperk opgeloop het, moet by sodanige diensbeëindiging, benewens enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig is, vir elke voltooide maand van sodanige dienstydperk 'n bedrag betaal word van minstens die volgende:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) van subklousule (1) vermeld, een vierde van die weekloon; en

(*b*) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) van subklousule (1) vermeld, een sesde van die weekloon,

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige diensbeëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer ten opsigte van enige verloftyd wat hy ingevolge die vierde voorbehoudsbepaling in subklousule (2) aan 'n werknemer toegestaan het 'n eweredige bedrag kan aftrek en met dien verstande voorts dat 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder om dit op te sê en die opseggingstermyn uit te dien wat by klousule 12 voorgeskryf word, tensy die werkgewer van sodanige opsegging afgesien het; of

(ii) wat sy diens verlaat sonder regsgeldige rede; of

(iii) wat deur sy werkgewer sonder opsegging ontslaan word om 'n rede wat vir sodanige ontslag sonder opsegging regtens genoegsaam is;

op geen betaling kragtens hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat geregtig geword het op 'n tydperk van verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), en wie se dienskontrak eindig voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige diensbeëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof aan hom op die datum van die diensbeëindiging toegestaan was.

(7) Vir die toepassing van hierdie klousule word geag dat die uitdrukking „diens" elke tydperk omvat ten opsigte waarvan 'n werkgewer ingevolge klousule 12 'n werknemer betaal in plaas van sy diens op te sê en tewens alle tydperke waarin 'n werknemer afwesig is—

(*a*) met verlof ingevolge hierdie klousule;

(*b*) absent on sick leave in terms of clause 7;
(*c*) absent on the instructions or ot the request of his employer,

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the date of commencement of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, from the date on which such employee entered his employer's service or on the date of the coming into force of this Determination, whichever is the later.

(8) (*a*) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer may for the purpose of annual leave at any time, but not more than once in any period of twelve months, close his establishment for fourteen consecutive calendar days plus any additional days that may have to be added by virtue of the third proviso to sub-clause (2).

(*b*) An employee who at the date of the closing of an establishment in terms of paragraph (*a*) is not entitled to the full period of leave prescribed in sub-clause (1) (*b*) shall in respect of any leave due to him be paid by his employer on the basis set out in sub-clause (5), and for the purpose of annual leave thereafter his employment shall be deemed to commence on the date of such closing of the establishment.

(*c*) For the purpose of this sub-clause, the expression "establishment" means in respect of a municipal or town board undertaking any premises in or in connection with which one or more employees are employed in any department or section of such undertaking.

(9) For the purpose of this clause the expression "wage" means an employee's wage plus his cost of living allowance.

7. Sick Leave.

(1) An employer shall grant to his employee, other than a daily employee, who, after one month of employment with him, is absent from work through incapacity—

(*a*) in the case of an employee who works a five-day week, not less than ten work days';

(*b*) in the case of every other employee, not less than twelve work days,

sick leave in the aggregate during any twelve consecutive months of employment with him and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms hereof not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided—

(i) that an employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than three consecutive calendar days, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner confirming the nature and duration of the employee's incapacity;

(ii) that this clause shall not apply to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage for ten or twelve work days, as the case may be, in any twelve months of employment;

(iii) that where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence owing to incapacity in terms of this clause;

(iv) that if in respect of any period of incapacity covered by this clause an employer is required by any other law to pay to an employee his full wages, the provisions of this clause shall not apply;

(v) that the wage payable to an employee who is employed on piece-work for any period of absence on sick leave in terms of this clause, shall be calculated on the basis of the remuneration paid to such employee on his last pay day immediately preceding such absence.

(2) For the purpose of this clause the expression—

(*a*) "employment" be deemed to include any period or periods during which an employee is absent—

(i) on leave in terms of clause 6,
(ii) on the instructions or at the request of his employer,
(iii) on sick leave in terms of sub-clause (1),

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks;

(*b*) met siekteverlof ingevolge klousule 7;
(*c*) op las of versoek van sy werkgewer;

en wel altesaam hoogstens tien weke in enige jaar, en dit word geag dat die diens soos volg begin:—

(i) In die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling op 'n tydperk van jaarlikse verlof ingevolge enige wet geregtig geword het, op die datum waarop sodanige werknemer die vorige maal op verlof ingevolge dié wet geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling in diens was en vir wie enige wet geld wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak maar wat nog nie op 'n tydperk van verlof ingevolge daarvan geregtig geword het nie, op die aanvangsdatum van sodanige diens;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, op die datum waarop so 'n werknemer by sy werkgewer in diens getree het of die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, en wel op die jongste van die twee datums.

(8) (*a*) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie klousule kan 'n werkgewer vir die doel van die jaarlikse verlof te eniger tyd, maar hoogstens eenmaal in 'n tydsbestek van twaalf maande, sy bedryfsinrigting sluit en wel vir veertien opeenvolgende kalenderdae plus enige ander dae wat moontlik kragtens die derde voorbehoudsbepaling in subklousule (2) daarby gevoeg moet word.

(*b*) 'n Werknemer wat op die dag van die sluiting van 'n bedryfsinrigting ingevolge paragraaf (*a*) nie op die volle tydperk van jaarlikse verlof voorgeskryf in subklousule (1) (*b*) geregtig is nie moet vir enige verlof wat aan hom verskuldig is, deur sy werkgewer betaal word op die grondslag in subklousule (5) uiteengesit, en vir die doel van die jaarlikse verlof daarna word geag dat sy diens begin op die datum waarop die bedryfsinrigting aldus gesluit is.

(*c*) By die toepassing van hierdie subklousule beteken die uitdrukking „bedryfsinrigting" ten opsigte van 'n munisipale of dorpsbestuursonderneming enige perseel waarin of in verband waarmee een of meer werknemers in diens is in enige afdeling of seksie van sodanige onderneming.

(9) By die toepassing van hierdie klousule beteken die uitdrukking „loon" 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae.

7. Siekteverlof.

(1) 'n Werkgewer moet aan sy werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, wat na een maand diens by hom weens ongeskiktheid van die werk afwesig is, die volgende toestaan:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, minstens tien werkdae; en

(*b*) in die geval van iedere ander werknemer, minstens twaalf werkdae—

siekteverlof altesaam gedurende elke twaalf opeenvolgende maande diens by hom, en so 'n werknemer vir elke tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende so 'n tydperk gewerk het: Met dien verstande—

(i) dat 'n werkgewer as voorwaarde vir die betaling deur hom van enige bedrag wat 'n werknemer ingevolge hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid uit sy werk gedurende 'n tydperk van meer as drie opeenvolgende kalenderdae, kan vereis dat die werknemer 'n sertifikaat geteken deur 'n geneesheer voorlê wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid bevestig.

(ii) dat hierdie klousule nie geld vir 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes, minstens gelykstaande met dié wat die werknemer stort, betaal aan enige fonds of organisasie wat die werknemer aanwys en wat aan die werknemer, by ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule uiteengesit, betaling waarborg van altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir tien of twaalf werkdae, al na gelang van die geval, in elke twaalf maande diens.

(iii) dat indien 'n werkgewer ingevolge enige wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal, en sodanige gelde wel betaal, die aldus betaalde bedrag afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is;

(iv) dat, indien 'n werkgewer ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid wat deur hierdie klousule genoem word, by enige ander wet verplig word om 'n werknemer sy volle loon te betaal, die bepalings van hierdie klousule nie geld nie;

(v) dat die laan wat aan 'n werknemer wat stukwerk verrig, betaalbaar is ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid met siekteverlof ingevolge hierdie klousule, bereken moet word op die grondslag van die besoldiging wat aan so 'n werknemer betaal is op sy betaaldag onmiddellik voor sodanige afwesigheid.

(2) By die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) word geag dat die uitdrukking „diens" enige tydperk of tydperke omvat waarin die werknemer afwesig is—

(i) met verlof ingevolge klousule 6,
(ii) op las of versoek van sy werkgewer,
(iii) met siekteverlof ingevolge subklousule (1),

en wel tot 'n totaal van hoogstens tien weke in enige jaar;

(*b*) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than that caused by an employee's own misconduct: Provided that any inability to work caused by an accident for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall be deemed to be incapacity only in respect of any period of inability to work for which no disablement payment is payable in terms of that Act;

(*c*) "wage" means the employee's wage plus his cost of living allowance.

8. PUBLIC HOLIDAYS AND SUNDAYS.

(1) Subject to the provisions of clause 4 (6), if an employee does not work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employer requires or permits an employee to work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, he shall, save as provided in clause 4 (6), pay such employee for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour or part of an hour worked by the employee on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) *Compensation for Work on a Sunday.*—Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(i) pay him double his daily wage, or

(ii) pay him one and a third times his hourly wage for each hour or part of an hour worked by him on such Sunday, and grant him within fourteen days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday, he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) Sub-clause (3) shall not apply to an employee in a municipal or town board undertaking who works in or in connection with any premises not registered or liable to registration as a factory in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, and who, from the nature of his work, regularly has to work on Sundays throughout the year or during a season; but the employer of such an employee shall grant such employee within seven days of such a Sunday on which he works one day's leave and, subject to the provisions of clause 4 (6), shall pay such employee in respect of the week in which such day's leave falls not less than his weekly wage.

(5) For the purpose of this clause the expression "wage" means an employee's wage plus his cost of living allowance.

(6) This clause shall not apply to a daily employee or a night watchman.

9. PIECE-WORK.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, introduce any piece-work system, and, save as provided for in clause 4 (6), the employer shall pay such employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(*a*) in the case of a daily employee, in respect of each day on which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that day had he been remunerated on the basis of time worked;

(*b*) in the case of any other employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;

plus five per cent.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in subclause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend in any way any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give not less than the period of notice agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a daily employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

10. TIME BONUS.

Nothing in this Determination shall be so construed as to preclude an employer from agreeing with his employee that the employee may go off duty upon the completion by him of an alloted task within the daily ordinary hours of work prescribed for such employee.

11. PROTECTIVE CLOTHING, UNIFORMS OR OVERALLS.

An employer shall supply and maintain in serviceable condition, free of charge, any uniform, overall, washing coat, apron, cap, boots or protective clothing, which he requires his employee to wear or which by any law or regulation he is compelled to provide to his employee and any such article shall remain the property of the employer.

(*b*) beteken „ongeskiktheid" die onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe as dit deur die werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat, as die onvermoë om te werk te wyte is aan 'n ongeluk waarvoor ingevolge die Ongevallewet, 1941, vergoeding betaalbaar is, dit ongeskiktheid geag word slegs ten opsigte van 'n tydperk van onvermoë om te werk waarvoor geen vergoeding weens arbeidsongeskiktheid ingevolge dié Wet betaalbaar is nie;

(*c*) beteken „loon" 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE EN SONDAE.

(1) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer wat op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag nie werk nie, vir 'n week waarin so 'n dag val, minstens sy weekloon betaal.

(2) As 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens soos in klousule 4 (6) bepaal, vir die week waarin so 'n dag val, minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat die werknemer op so 'n dag werk: Met dien verstande dat, as vereis of toegelaat word dat die werknemer minder as vier uur op so 'n dag werk, dit geag word dat hy vier uur gewerk het.

(3) *Vergoeding vir werk op 'n Sondag.*—As 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom òf—

(i) dubbel sy dagloon, òf

(ii) een en 'n derde maal sy uurloon betaal vir elke uur of deel van 'n uur wat hy op so 'n Sondag werk, en hom binne veertien dae vanaf so 'n Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, as vereis of toegelaat word dat so 'n werknemer minder as vier uur op so 'n Sondag werk, dit geag word dat hy vier uur gewerk het.

(4) Subklousule (3) geld nie vir 'n werknemer in 'n munisipale of dorpsbestuursonderneming wat werk op of in verband met 'n perseel wat nie as 'n fabriek geregistreer of aan registrasie onderworpe is ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, nie, en wat uit die aard van sy werk dwarsdeur die jaar of 'n seisoen gereeld op Sondag moet werk; maar die werkgewer van so 'n werknemer moet binne sewe dae vanaf so 'n Sondag waarop hy werk, hom een dag verlof toestaan en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), hom ten opsigte van 'n week waarin so 'n verlofdag val, minstens sy weekloon betaal.

(5) By die toepassing van hierdie klousule beteken die uitdrukking „loon" 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae.

(6) Hierdie klousule geld nie vir 'n daaglikse werknemer of 'n nagwag nie.

9. STUKWERK.

(1) Na minstens een week kennisgewing aan sy werknemer kan 'n werkgewer 'n stukwerkstelsel invoer en, behoudens soos bepaal in klousule 4 (6), moet die werkgewer 'n werknemer wat volgens so 'n stukwerkstelsel werk, besoldig teen die skaal wat volgens dié stelsel geld: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid gedane werk, die werknemer minstens die volgende betaal—

(*a*) in die geval van 'n daaglikse werknemer, vir elke dag waarop stukwerk verrig word, die bedrag wat hy so 'n werknemer vir die dag sou betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het;

(*b*) in die geval van enige ander werknemer, vir elke week waarin stukwerk verrig word, die bedrag wat hy so 'n werknemer vir die week sou betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het,

plus vyf persent.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die skale vermeld in subklousule (1) op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting aangeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die skale wat dienooreenkomstig geld, op enigerlei wyse te skrap of te wysig, moet aan sy werknemer wat daarvolgens werk, minstens een maand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingtydperk kan ooreenkom en dan moet die werkgewer minstens die ooreengekome kennis gee.

(4) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer 'n daaglikse werknemer geen kennis van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of te skrap of te wysig, te gee nie.

10. TYDBONUS.

Niks in hierdie Vasstelling mag so vertolk word dat dit 'n werkgewer verhinder om met sy werknemer ooreen te kom dat die werknemer van diens kan gaan as hy 'n aangewese taak voltooi het binne die daaglikse gewone werkure wat vir dié werknemer voorgeskryf is nie.

11. BESKERMENDE KLERE, UNIFORMS OF OORPAKKE.

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, wasjasse, voorskote, pette, stewels of beskermende klere wat hy vereis dat sy werknemer dra of wat enige wet of regulasie hom verplig om aan sy werknemer te verskaf, gratis voorsien en in bruikbare toestand hou, en iedere sodanige artikel bly die eiendom van die werkgewer.

12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT.

(1) An employer or his employee, who disires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment, not less than twenty-four hours',

(*b*) after the first four weeks of employment, not less than one week's,

notice to terminate the contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying or forfeiting to the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of twenty-four hours' notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, for the purpose of an employer paying an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment or forfeiture in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) shall be given on a work day and shall take effect from the day on which it is given: Provided—

(i) that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6;

(ii) that notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

(4) For the purpose of this clause the expression "wage" means an employee's wage plus his cost of living allowance.

(5) This clause shall not apply to a daily employee.

13. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

W. F. J. STEENKAMP, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
A. JUYN, *Additional Member.*
J. T. LLEWELLYN, *Secretary.*

Pretoria, 26 October 1959.

No. 2139.] [31 December 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRY, UNION OF SOUTH AFRICA.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF SICK PAY FUND AGREEMENT.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, extend to the 6th July, 1960, the periods referred to in Government Notice No. 980 of the 4th July, 1958, and Government Notice No. 1013 of the 3rd July, 1959.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

2—7100093

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens minstens vier-en-twintig uur;

(*b*) na die eerste vier weke diens, minstens 'n week

kennis gee van beëindiging van die kontrak; of 'n werkgewer of werknemer kan die kontrak sonder opsegging beëindig deurdat in plaas van opsegging die werkgewer aan die werknemer minstens die volgende betaal, of die werknemer aan die werkgewer minstens die volgende betaal of verbeur, al na gelang van die geval:—

(i) In die geval van vier-en-twintig-uur-opsegging, die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week opsegging, die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat die volgende nie geraak word nie:—

(i) die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om op enige regsgeldige grond die kontrak sonder opsegging te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n opseggingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat hierdie klousule voorskryf;

(iii) die werking van verbeurings- of strafbedinge wat regtens van toepassing kan wees op 'n werknemer wat sy diens verlaat:

Met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer teen die dag van die beëindiging reeds deur aftrekkings weens korttyd verminder is en die werkgewer hom betaal in plaas van sy diens op te sê, daar geag word dat die uitdrukking „ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" beteken „ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen aftrekkings weens korttyd gedoen was nie".

(2) Indien daar ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) 'n ooreenkoms bestaan, moet die betaling of verbeuring in plaas van opsegging eweredig wees met die ooreengekome opseggingstermyn.

(3) Die kennis in subklousule (1) voorgeskryf, moet op 'n werkdag gegee word en tree in werking op die dag waarop dit gegee is: Met dien verstande—

(i) dat die kennisgewingtermyn nie mag saamval met, en kennis nie gegee mag word nie gedurende, 'n werknemer se afwesigheid met verlof toegestaan ingevolge klousule 6;

(ii) dat die kennis nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof toegestaan ingevolge klousule 7 gegee mag word nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule beteken die uitdrukking „loon" 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae.

(5) Hierdie klousule geld nie vir 'n daaglikse werknemer nie.

13. VERBOD OP INDIENSNEMING.

'n Werkgewer mag niemand onder die ouderdom van vyftien jaar in diens neem nie.

W. F. J. STEENKAMP, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
A. JUYN, *Addisionele lid.*
J. T. LLEWELLYN, *Sekretaris.*

Pretoria, 26 Oktober 1959.

No. 2139.] [31 Desember 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METAALNYWERHEID, UNIE VAN SUID-AFRIKA.

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN SIEKTEBYSTANDFONDSOOREENKOMS.

Namens die Minister van Arbeid verleng ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby, kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, tot 6 Julie 1960, die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 980 van 4 Julie 1958, en Goewermentskennisgewing No. 1013 van 3 Julie 1959.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

2—6340

No. 2141.] [31 December 1959.

WAGE ACT, No. 5 OF 1957.

WAGE DETERMINATION No. 196.

BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY PIETERMARITZBURG.

The following corrections to Government Notice No. 2044 appearing in *Government Gazette Extraordinary* No. 6330 of the 11th December, 1959, are published:—

ENGLISH VERSION.

Delete the words "RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION B OF THE WAGE BOARD. — BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY, PIETERMARITZBURG" where they appear under the word "SCHEDULE" on page 1.

AFRIKAANS VERSION.

Delete the words "AANBEVELING AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID DEUR AFDELING B VAN DIE LOONRAAD. — BROOD- EN BANKETNYWERHEID, PIETERMARITZBURG" where they appear under the word "BYLAE" on page 1.

No. 2141.] [31 Desember 1959.

LOONWET No. 5 VAN 1957.

LOONVASSTELLING No. 196.

BROOD- EN BANKETNYWERHEID, PIETERMARITZBURG.

Onderstaande verbeterings van Goewermentskennisgewing No. 2044 wat in *Buitengewone Staatskoerant* No. 6330 van 11 Desember 1959 verskyn, word bekendgemaak:—

ENGELSE TEKS.

Skrap die woorde „RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION B OF THE WAGE BOARD. — BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY, PIETERMARITZBURG" waar dit onder die woord „SCHEDULE" op bladsy 1 verskyn.

AFRIKAANSE TEKS.

Skrap die woorde „AANBEVELING AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID DEUR AFDELING B VAN DIE LOONRAAD.—BROOD- EN BANKETNYWERHEID, PIETERMARITZBURG" waar dit onder die woord „BYLAE" op bladsy 1 verskyn.

No. 2149.] [31 December 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

CLOTHING INDUSTRY (CAPE).—AMENDING AGREEMENT.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, declare that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Clothing Industry shall be binding from the 1st January, 1960, and for the period ending the 4th January, 1961, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that union;

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 3 to 5 (inclusive) of the said Amending Agreement shall be binding from the 1st January, 1960, and for the period ending the 4th January, 1961, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of Bellville, the Cape, Wynberg, Simonstown and Worcester;

(*c*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of Bellville, the Cape, Wynberg, Simonstown and Worcester, and from the 1st January, 1960, and for the period ending 4th January, 1961, the provisions contained in clause 3 to 5 (inclusive) of the said Amending Agreement, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Natives employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employees in respect of Natives in their employ.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 2149.] [31 Desember 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

KLERASIENYWERHEID (KAAP).—WYSIGINGSOOREENKOMS.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hieronder die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Klerasienywerheid betrekking het, vanaf 1 Januarie 1960 en vir die tydperk wat op 4 Januarie 1961 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 3 tot en met 5 van genoemde Wysigingsooreenkoms, vanaf 1 Januarie 1960 en vir die tydperk wat op 4 Januarie 1961 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrikte Bellville, die Kaap, Simonstad, Wynberg en Worcester; en

(*c*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 3 tot en met 5 van genoemde Wysigingsooreenkoms, vanaf 1 Januarie 1960 en vir die tydperk wat op 4 Januarie 1961 eindig, in die landdrosdistrikte Bellville, die Kaap, Simonstad, Wynberg en Worcester *mutatis mutandis* bindend is vir Naturelle in diens in genoemde Nywerheid by die werkgewers vir wie enige sodanige bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Naturelle in hul diens.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE CLOTHING INDUSTRY (CAPE).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, made and entered into between the

Cape Clothing Manufacturers' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisation") of the one part, and the

Garment Workers' Union of the Cape Peninsula

(hereinafter referred to as "the employees" or "the Trade Union") of the other part

being parties to the Industrial Council for the Clothing Industry (Cape),
to amend the Agreement between the parties published under Government Notice No. 238, dated the 13th February, 1959.

1. SCOPE OF APPLICATION.

The terms of the Agreement shall be observed in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville and Worcester by all employers and employees in the Clothing Industry.

2. PERIOD OF OPERATION.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force until the 4th January, 1961, or for such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, shall have the same meaning as in that Act, and unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include female.

4. AMENDMENT OF CLAUSE 16.

Sub-clause (7) of clause 16 of the Main Agreement is hereby withdrawn in its entirety and the following new sub-clause substituted therefor:—

"*Compulsory X-Ray Examination of New Entrants into the Industry.*

No person who has not previously been employed in the Industry, or, having previous experience in terms of this Agreement, has not been employed in the Industry for a period of one year or more, since the date such person was last employed in the Industry, shall be employed by an employer after the date of coming into operation of this Agreement unless a medical certificate of fitness for employment has been obtained from the Tuberculosis Clinic of the Cape Town Municipality either immediately prior to engagement or within four (4) weeks from the date of engagement. The medical certificate shall be in the form prescribed in Annexure F of this Agreement and shall be transmitted to the Secretary of the Sick Fund in the event of the employee being engaged by the employer."

5. AMENDMENT OF CLAUSE 26.

Paragraphs (ii) and (iii) of sub-clause 4 (*a*) of clause 26 is hereby withdrawn in its entirety and the following new paragraphs substituted therefor:—

"(ii) In the case of an employee earning £2. 0s. 6d. per week and more, but less than £4 per week, the sum of sixpence.

(iii) In the case of an employee earning £4 per week and more but less than £6 per week, the sum of eightpence."

Signed at Cape Town, on behalf of the parties, this 16th day of November, 1959.

S. R. BACK, Chairman.
J. KERAAN, Vice-Chairman.
F. K. LIGHTON, Secretary.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE KLERASIENYWERHEID (KAAP).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, aangegaan tussen die

Cape Clothing Manufacturers' Association

(hieronder „die werkgewers" of „die werkgewersorganisasie" genoem) aan die een kant, en die

Garment Workers' Union of the Cape Peninsula

(hieronder „die werknemers" of „die vakvereniging", genoem) aan die ander kant,
wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Klerasienywerheid (Kaap),
om die Ooreenkoms tussen die partye gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 238 van 13 Februarie 1959, te wysig.

1. BESTEK VAN TOEPASSING.

Die bepalings van die Ooreenkoms moet nagekom word in die landdrosdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad, Belville en Worcester deur alle werkgewers en werknemers in die Klerasienywerheid.

2. GELDIGHEIDSDUUR.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op dié datum wat die Minister kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet bepaal, en bly van krag tot 4 Januarie 1961 of vir dié tydperk wat hy vasstel.

3. WOORDOMSKRYWING.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, omskryf is, het dieselfde betekenis as in dié Wet, en tensy die teendeel blyk, omvat woorde wat die manlike beslag aantoon, ook vroue.

4. WYSIGING VAN KLOUSULE 16.

Subklousule (7) van klousule 16 van die Hoofooreenkoms word hierby in sy geheel ingetrek en deur die volgende nuwe subklousule vervang:—

„*Verpligte X-straalondersoek van nuwe toetreders tot die Nywerheid.*

Geen persoon wat nie voorheen in die Nywerheid in diens was nie of met vorige ondervinding ingevolge hierdie Ooreenkoms en nie in die Nywerheid in diens was vir 'n tydperk van 'n jaar of langer sedert die datum waarop sodanige persoon laaste in die Nywerheid werksaam was nie, moet deur 'n werkgewer na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms in diens geneem word tensy 'n doktersertifikaat van geskiktheid vir diens van die Tuberkulosekliniek van die Munisipaliteit van Kaapstad verkry is nie, hetsy onmiddellik voor indiensneming of binne vier (4) weke vanaf die datum van indiensneming. Die doktersertifikaat moet in die vorm wees wat voorgeskryf is in Aanhangsel F van hierdie Ooreenkoms en moet aan die Sekretaris van die Siekefonds gestuur word ingeval die werkgewer die werknemer in diens neem."

5. WYSIGING VAN KLOUSULE 26.

Paragrawe (ii) en (iii) van subklousule 4 (*a*) van klousule 26 word hierby in sy geheel ingetrek en deur die volgende nuwe paragrawe vervang:—

„(ii) In die geval van 'n werknemer wat £2. 0s. 6d. per week of meer verdien, maar minder as £4 per week, die bedrag van ses pennies.

(iii) In die geval van 'n werknemer wat £4 per week en meer verdien, maar minder as £6 per week, die bedrag van agt pennies."

Namens die partye, op hede die 16de dag van November 1959, te Kaapstad onderteken.

S. R. BACK, Voorsitter.
J. KERAAN, Ondervoorsitter.
F. K. LIGHTON, Sekretaris.

DEPARTMENT OF MINES.

No. 2144.] [31 December 1959.

PROPOSED PROCLAMATION OF A PORTION OF THE FARM STRATHMORE No. 436, REGISTRATION DIVISION I.P., DISTRICT KLERKSDORP, AS A PUBLIC DIGGING FOR PRECIOUS METALS.

It is the intention of His Excellency the Officer Administering the Government to proclaim in terms of sub-section (1) of section *twenty-six* of the Precious and Base Metals

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 2144.] [31 Desember 1959.

VOORGENOME PROKLAMERING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE PLAAS STRATHMORE No. 436, REGISTRASIEAFDELING I.P., DISTRIK KLERKSDORP, TOT 'N PUBLIEKE DELWERY VIR EDELMETALE.

Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die uitoefening van die Uitvoerende Gesag is voornemens om kragtens subartikel (1) van artikel *ses-en-twintig* van die „Precious

Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), as a public digging for precious metals, a portion of the farm Strathmore No. 436, Registration Division I.P., District Klerksdorp, Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, in extent approximately 1 morgen, registered in the name of Joseph Harry Schneider and as shown on a sketch plan copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under R.M.T. No. 2308.

M.M. 35/290.

No. 2145.] [31 December 1959.

ISSUE OF DIAMOND CUTTER'S LICENCE.

It is hereby notified, in terms of section *twenty-eight* of the Diamond Cutting Act, 1955 (Act No. 33 of 1955), that a licence was issued on 20th November, 1959, in terms of section *twenty* of the said Act, to Peter Barend Riley in his capacity as employee of Atlas Diamond Cutting Works (Proprietary), Limited, to carry on diamond cutting for purposes of business or trade on the premises situate at Diamond Towers, 78 De Villiers Street, Johannesburg, for the period ending 31st December, 1959.

M.M. 25/8/103.

No. 2154.] [31 December 1959.

ISSUE OF DIAMOND CUTTER'S LICENCE.

It is hereby notified, in terms of section *twenty-eight* of the Diamond Cutting Act, 1955 (Act No. 33 of 1955), that a licence was issued on 21st November, 1959, in terms of section *twenty* of the said Act, to Johann Stoeke in his capacity as Director of Allied Diamond Cutters (Proprietary), Limited, to carry on diamond cutting for purposes of business or trade on the premises situate at Cedar House, corner of Hope and Glynn Streets, Gardens, Cape Town, for the period ending 31st December, 1959.

M.M. 25/8/147.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 2134.] [31 December 1959.

ESTABLISHMENT OF THE NKOMAZI REGIONAL AUTHORITY, BARBERTON DISTRICT.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased—

(1) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, to establish a Bantu Regional Authority to be known as the Nkomazi Regional Authority in respect of the areas of the Mlambo, Lugedlane, Hoyi and Petros Ngomane Tribal Authorities as defined in Government Notice No. 311 of 1st March, 1957, and the Matams, Mhlaba and Mawewa Tribal Authorities as defined in Government Notice No. 1853 of 29th November, 1957; and

(2) in terms of sub-section (1) of section *three* of the said Bantu Authorities Act, 1951, to designate Acting Chief Sigweje Shongwe, head of the said Matams Tribal Authority, as chairman of the said Nkomazi Regional Authority and to determine that the said Regional Authority shall consist of 16 members, inclusive of the chairman. 360/362

and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), 'n gedeelte van die plaas Strathmore No. 436, Registrasieafdeling I.P., distrik Klerksdorp, myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, ongeveer 1 morg groot, geregistreer op naam van Joseph Harry Schneider en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder R.M.T. No. 2308 bewaar word, tot 'n publieke delwery vir edelmetale te proklameer.

M.M. 35/290.
31-8-15-22

No. 2145.] [31 Desember 1959.

UITREIKING VAN DIAMANTSLYPERSLISENSIE.

Hierby word ingevolge artikel *agt-en-twintig* van die Wet op die Slyp van Diamante, 1955 (Wet No. 33 van 1955), bekendgemaak, dat 'n lisensie op 20 November 1959, ingevolge artikel *twintig* van gemelde Wet, aan Peter Barend Riley in sy hoedanigheid van werknemer van Atlas Diamond Cutting Works (Proprietary), Limited, uitgereik is om gedurende die tydperk eindigende 31 Desember 1959, diamante vir besigheids- of handelsdoeleindes te slyp op die perseel geleë te Diamond Towers, De Villiersstraat 78, Johannesburg. M.M. 25/8/103.

No. 2154.] [31 Desember 1959.

UITREIKING VAN DIAMANTSLYPERSLISENSIE.

Hierby word ingevolge artikel *agt-en-twintig* van die Wet op die Slyp van Diamante, 1955 (Wet No. 33 van 1955), bekendgemaak dat 'n lisensie op 21 November 1959, ingevolge artikel *twintig* van gemelde Wet aan Johann Stoeke in sy hoedanigheid van Direkteur van Allied Diamond Cutters (Proprietary), Limited, uitgereik is om gedurende die tydperk eindigende 31 Desember 1959, diamante vir besigheids- of handelsdoeleindes te slyp op die perseel geleë te Cedargebou, hoek van Hope- en Glynnstraat, Tuine, Kaapstad. M.M. 25/8/147.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 2134.] [31 Desember 1959.

INSTELLING VAN DIE NKOMAZISTREEKSOWERHEID, DISTRIK BARBERTON.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om—

(1) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, 'n Bantoestreeksowerheid wat bekend sal staan as die Nkomazistreeksowerheid in te stel ten opsigte van die gebiede van die Mlambo-, Lugedlane-, Hoyi- en Petros Ngomanestamowerheid soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 311 van 1 Maart 1957, en die Matams-, Mhlaba- en Mawewastamowerheid soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 1853 van 29 November 1957; en

(2) kragtens subartikel (1) van artikel *drie* van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, waarnemende kaptein Sigweje Shongwe, hoof van genoemde Matamsstamowerheid, aan te wys as voorsitter van genoemde Nkomazistreeksowerheid en te bepaal dat die genoemde Streeksowerheid uit 16 lede, met inbegrip van die voorsitter, moet bestaan. 360/362

No. 2140.] [31 Desember 1959.

ESTABLISHMENT OF BANTU REGIONAL AUTHORITIES, AREAS OF DUIWELSKLOOF, TZANEEN AND LEYDSDORP, LETABA DISTRICT.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased—

(1) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, to establish the following Bantu Regional Authorities in respect of the areas of the tribal authorities as indicated in each case:—

(*a*) The Ndlopfu-Shangaan Regional Authority in respect of—

(1) the Mabunda Tribal Authority, established under Government Notice No. 1854 of 29th November, 1957;
(2) the Hlaneki Tribal Authority, established under Government Notice No. 1854 of 29th November, 1957;
(3) the Baloyi Tribal Authority, established under Government Notice No. 445 of 29th March, 1957;
(4) the Matebula Tribal Authority, established under Government Notice No. 445 of 29th March, 1957; and
(5) the Nyabana Tribal Authority, established under Government Notice No. 452 of 26th March, 1959;

(*b*) the Balobedu-Pedi Regional Authority in respect of—

(1) the Modjadji Tribal Authority, established under Government Notice No. 1855 of 29th November, 1957; and
(2) the Mamaila Tribal Authority, established under Government Notice No. 1855 of 29th November, 1957 and

(*c*) the Naphuno Regional Authority in respect of—

(1) the Bakgaga Tribal Authority, established under Government Notice No. 445 of 29th November, 1957;
(2) the Batlhabine Tribal Authority, established by Government Notice No. 445 of 29th March, 1957;
(3) the Mamietja Tribal Authority, established under Government Notice No. 445 of 29th March, 1957; and
(4) the Bankuna Tribal Authority, established under Government Notice No. 445 of 29th March, 1957;

(2) in terms of sub-section (1) of section *three* of the said Bantu Authorities Act, 1951, to designate Chief Fofoza Mamitwa as chairman of the Ndlopfu-Shangaan Regional Authority, Chieftainess Modjadji IV, as chairwoman of the Balobedu-Pedi Regional Authority and Chief Josiah Maatla Mamietja as chairman of the Naphuno Regional Authority and to determine that the said regional authorities shall inclusive of the chairmen respectively consist of 12, 8 and 14 councillors.

359/362 (1), (2), (3).

No. 2140.] [31 Desember 1959.

INSTELLING VAN BANTOESTREEKSOWERHEDE, GEBIEDE VAN DUIWELSKLOOF, TZANEEN EN LEYDSDORP, DISTRIK LETABA.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om—

(1) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, die volgende Bantoestreeksowerhede ten opsigte van die gebiede van die stamowerhede soos in elke geval aangedui, in te stel:—

(*a*) Die Ndlopfu-Shangaanstreeksowerheid ten opsigte van—

(1) die Mabundastamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 1854 van 29 November 1957;
(2) die Hlanekistamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 1854 van 29 November 1957;
(3) die Baloyistamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 445 van 29 Maart 1957;
(4) die Matebulastamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 445 van 29 Maart 1957; en
(5) die Nyabanastamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 452 van 26 Maart 1959;

(*b*) die Balobedu-Pedistreeksowerheid ten opsigte van—

(1) die Modjadjistamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 1855 van 29 November 1957; en
(2) die Mamailastamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 1855 van 29 November 1957; en

(*c*) die Naphunostreeksowerheid ten opsigte van—

(1) die Bakgagastamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 445 van 29 Maart 1957;
(2) die Batlhabinestamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 445 van 29 Maart 1957; en
(3) die Mamietjastamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 445 van 29 Maart 1957; en
(4) die Bankunastamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 445 van 29 Maart 1957;

(2) kragtens subartikel (1) van artikel *drie* van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, kaptein Fofoza Mamitwa as voorsitter van die Ndlopfu-Shangaanstreeksowerheid, kapteine Modjadji IV as voorsitster van die Balobedu-Pedistreeksowerheid en kaptein Josiah Maatla Mamietja as voorsitter van die Naphunostreeksowerheid aan te wys en te bepaal dat genoemde streeksowerhede met inbegrip van die voorsitters uit onderskeidelik 12, 8 en 14 lede moet bestaan.

359/362 (1), (2), (3).

DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION.

No. 2148.] [31 December 1959.

DIS-ESTABLISHMENT OF RAYNER TRAINING SCHOOL AS A GOVERNMENT BANTU SCHOOL.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Bantu Education has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (3) of section *seven* of the Bantu Education Act, 1953 (Act No. 47 of 1953), to dis-establish the Rayner Training School as a Government Bantu School, with effect from the 1st January, 1960.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS.

No. 2148.] [31 Desember 1959.

OPHEFFING VAN RAYNER-OPLEIDINGSKOOL AS STAATSBANTOESKOOL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Bantoe-onderwys behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel *sewe* van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet No. 47 van 1953), die Rayner-opleidingskool as Staatsbantoeskool met ingang 1 Januarie 1960, op te hef.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

No. 2135.] [31 December 1959.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the provisions of section *three* (2) of Act No. 44 of 1958, to approve of—

(*a*) the withdrawal with effect from the 1st January, 1960, of the existing parcel post rates to the undermentioned countries/territories, as published in Government Notices No. 1161 of the 29th June, 1956, No. 1480 of the 27th September, 1957, No. 1952 of the 24th December, 1958, No. 453 of the 26th March, 1959, No. 803 of the 29th May, 1959, No. 968 of the 26th June, 1959, No. 1197 of the 31st July, 1959, and No. 1517 of the 25th September, 1959; and

(*b*) the substitution thereof by the following new rates with effect from the same date:—

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

No. 2135.] [31 Desember 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bepalings van artikel *drie* (2) van Wet No. 44 van 1958, die volgende goed te keur:—

(*a*) Die intrekking, met ingang van 1 Januarie 1960, van die bestaande pakketpostariewe na ondergenoemde lande/gebiede, soos afgekondig by Goewermentskennisgewings No. 1161 van 29 Junie 1956, No. 1480 van 27 September, 1957, No. 1952 van 24 Desember 1958, No. 453 van 26 Maart 1959, No. 803 van 29 Mei 1959, No. 968 van 26 Junie 1959, No. 1197 van 31 Julie 1959 en No. 1517 van 25 September 1959; en

(*b*) die vervanging daarvan deur die volgende nuwe tariewe met ingang van dieselfde datum:—

	1 lb.	2 lb.	3 lb.	4. lb	5 lb.	6 lb.	7 lb.	8 lb.	9 lb.	10 lb.	11 lb.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
Barbados	5 6	6 6	7 6	10 9	11 9	12 9	13 9	16 10	17 10	18 10	19 10
Belgian Congo	4 2	4 10	8 4	9 0	9 8	10 4	11 0	15 2	15 10	16 6	17 2
Brunei	3 3	4 3	5 3	7 0	8 0	9 0	10 0	11 9	12 9	13 9	14 9
Canary Islands	7 6	8 6	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	18 6	19 6	20 6	21 6
Finland	6 0	7 0	10 0	11 0	12 0	13 0	14 0	16 9	17 9	18 9	19 9
Formosa (Taiwan)	5 9	6 9	9 0	10 0	11 0	12 0	13 0	15 3	16 3	17 3	18 3
French Equatorial Africa	5 9	6 5	10 5	11 1	11 9	12 5	13 1	17 9	18 5	19 1	19 9
French Somali Coast	4 6	5 6	7 8	8 8	9 8	10 8	11 8	13 10	14 10	15 10	16 10
Jordan (the Hashemite Kingdom of the)	5 11	6 11	9 3	10 3	11 3	12 3	13 3	15 6	16 6	17 6	18 6
Lebanon, Republic of	5 0	6 0	8 1	9 1	10 1	11 1	12 1	14 1	15 1	16 1	17 1
Libya	4 8	5 8	7 7	8 7	9 7	10 7	11 7	13 6	14 6	15 6	16 6
Madeira	6 0	7 0	10 0	11 0	12 0	13 0	14 0	16 9	17 9	18 9	19 9
Mocambique (*b*), via Southern Rhodesia	1 5	2 10	4 3	5 8	7 1	8 6	9 11	11 4	12 9	14 2	15 7
Persian Gulf	4 11	5 11	8 2	9 2	10 2	11 2	12 2	13 8	14 8	15 8	16 8
Philippines, Republic of	7 0	8 0	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	19 6	20 6	21 6	22 6
Reunion	4 8	5 8	6 8	8 8	9 8	10 8	11 8	13 10	14 10	15 10	16 10
St. Vincent	5 8	6 8	7 8	10 5	11 5	12 5	13 5	16 4	17 4	18 4	19 4
Sarawak	4 6	5 6	6 6	8 9	9 9	10 9	11 9	14 0	15 0	16 0	17 0
Spanish Guinea	7 9	8 9	12 3	13 3	14 3	15 3	16 3	19 6	20 6	21 6	22 6
Spanish West Africa	7 0	8 0	11 0	12 0	13 0	14 0	15 0	18 3	19 3	20 3	21 3
Syria, Republic of	5 0	6 0	8 1	9 1	10 1	11 1	12 1	14 1	15 1	16 1	17 1
Thailand	6 6	7 6	9 9	10 9	11 9	12 9	13 9	16 0	17 0	18 0	19 0
Tunisia	7 3	8 3	11 3	12 3	13 3	14 3	15 3	18 3	19 3	20 3	21 3
Turkey	5 11	6 11	9 3	10 3	11 3	12 3	13 3	15 6	16 6	17 6	18 6
Union of Soviet Socialist Republics:—											
(*a*) In Europe	7 0	8 0	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	19 0	20 0	21 0	22 0
(*b*) In Asia	9 6	10 6	15 0	16 0	17 0	18 0	19 0	23 6	24 6	25 6	26 6

	1 lb.	2 lb.	3 lb.	4 lb.	5 lb.	6 lb.	7 lb.	8 lb.	9 lb.	10 lb.	11 lb.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s .d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
Barbados	5 6	6 6	7 6	10 9	11 9	12 9	13 9	16 10	17 10	18 10	19 10
Belgiese Kongo	4 2	4 10	8 4	9 0	9 8	10 4	11 0	15 2	15 10	16 6	17 2
Broenei	3 3	4 3	5 3	7 0	8 0	9 0	10 0	11 9	12 9	13 9	14 9
Filippynse Republiek	7 0	8 0	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	19 6	20 6	21 6	22 6
Finland	6 0	7 0	10 0	11 0	12 0	13 0	14 0	16 9	17 9	18 9	19 9
Formosa (Taiwan)	5 9	6 9	9 0	10 0	11 0	12 0	13 0	15 3	16 3	17 3	18 3
Frans-Ekwatoriaal-Afrika	5 9	6 5	10 5	11 1	11 9	12 5	13 1	17 9	18 5	19 1	19 9
Frans-Somalikus	4 6	5 6	7 8	8 8	9 8	10 8	11 8	13 10	14 10	15 10	16 10
Jordanië (Hasjemitiese Koninkryk)	5 11	6 11	9 3	10 3	11 3	12 3	13 3	15 6	16 6	17 6	18 6
Kanariese Eilande	7 6	8 6	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	18 6	19 6	20 6	21 6
Libanon, Republiek	5 0	6 0	8 1	9 1	10 1	11 1	12 1	14 1	15 1	16 1	17 1
Libië	4 8	5 8	7 7	8 7	9 7	10 7	11 7	13 6	14 6	15 6	16 6
Madeira	6 0	7 0	10 0	11 0	12 0	13 0	14 0	16 9	17 9	18 9	19 9
Mosambiek (*b*), oor Suid-Rhodesië	1 5	2 10	4 3	5 8	7 1	8 6	9 11	11 4	12 9	14 2	15 7
Persiese Golf	4 11	5 11	8 2	9 2	10 2	11 2	12 2	13 8	14 8	15 8	16 8
Reunion	4 8	5 8	6 8	8 8	9 8	10 8	11 8	13 10	14 10	15 10	16 10
St. Vincent	5 8	6 8	7 8	10 5	11 5	12 5	13 5	16 4	17 4	18 4	19 4
Sarawak	4 6	5 6	6 6	8 9	9 9	10 9	11 9	14 0	15 0	16 0	17 0
Sirië, Republiek	5 0	6 0	8 1	9 1	10 1	11 1	12 1	14 1	15 1	16 1	17 1
Spaans-Guinee	7 9	8 9	12 3	13 3	14 3	15 3	16 3	19 6	20 6	21 6	22 6
Spaans-Wes-Afrika	7 0	8 0	11 0	12 0	13 0	14 0	15 0	18 3	19 3	20 3	21 3
Thailand	6 6	7 6	9 9	10 9	11 9	12 9	13 9	16 0	17 0	18 0	19 0
Tunisië	7 3	8 3	11 3	12 3	13 3	14 3	15 3	18 3	19 3	20 3	21 3
Turkye	5 11	6 11	9 3	10 3	11 3	12 3	13 3	15 6	16 6	17 6	18 6
Unie van Sosialistiese Sowjet-republieke—											
(*a*) In Europa	7 0	8 0	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	19 0	20 0	21 0	22 0
(*b*) In Asië	9 6	10 6	15 0	16 0	17 0	18 0	19 0	23 6	24 6	25 6	26 6

No. 2136.] [31 December 1959.

His Excellency die Officer Administering the Government has been pleased, under the provisions of section *two* (4) of Act No. 44 of 1958, to approve the amendments to the Postal Regulations, and the Insured Parcel Post Agreement between the Union of South Africa and the Federation of Rhodesia and Nyasaland, as set out hereunder, with effect from the 1st January, 1960:—

1. *Postal Regulations: Schedule B.*

Supplementary Charges.—Item 19, as amended by Government Notice No. 1338 of the 1st July, 1955, is further amended as follows:—

Replace the maximum insurance amount of "£40" in respect of parcels for the Federation of Rhodesia and Nyasaland by "£60".

2. *Insured Parcel Post Agreement between the Union of South Africa and the Federation of Rhodesia and Nyasaland.*

(*a*) Article 3 (*a*), as amended by Government Notice No. 1355 of the 1st July, 1955, is further amended as follows:—

Replace "£40" by "£60".

(*b*) Article 3 (*b*), as promulgated in Government Notice No. 851 of the 29th April, 1955, is amended as follows:—

Replace "£40" by "£60".

No. 2136.] [31 Desember 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bepalings van artikel *twee* (4) van Wet No. 44 van 1958, die wysigings van die Posregulasies, en die Versekerde Pakketposooreenkoms tussen die Unie van Suid-Afrika en die Federasie van Rhodesië en Njassaland, soos hieronder uiteengesit, met ingang van 1 Januarie 1960, goed te keur:—

1. *Posregulasies: Bylae B.*

Aanvullingskoste.—Item 19, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1338 van 1 Julie 1955, word verder soos volg gewysig:—

Vervang die maksimum versekeringsbedrag van „£40" ten opsigte van pakkette na die Federasie van Rhodesië en Njassaland deur „£60".

2. *Versekerde Pakketposooreenkoms tussen die Unie van Suid-Afrika en die Federasie van Rhodesië en Njassaland.*

(*a*) Artikel 3 (*a*), soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1355 van 1 Julie 1955, word verder soos volg gewysig:—

Vervang „£40" deur „£60".

(*b*) Artikel 3 (*b*), soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 851 van 29 April 1955, word soos volg gewysig:—

Vervang „£40" deur „£60".

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. 2160.] [31 December 1959.

PRODUCER PRICES FOR OFFAL IN CONTROLLED AREAS.—AMENDMENT.

